HOOFSTUK VII.

DIE ONTWIKKELING VAN DIE ONDERWYS GEDURENDE DIE SUPERINTENDENTSKAP VAN DR. N. MANSVELT.

1892—1900.

Vroeg in 1891 was in die Kolonie die Zuid-Afrikaansche Taalbond opgerig. Die Voorsitter was Professor de Vos en die Sekretaris Professor N. Mansvelt, van die Victoria Kollege, Stellenbosch. Dit was nie 'n willekeurige keuse wat Prof. Mansvelt met die sekretariaat van die Taalbond vereer het nie, want hy het hom seer verdienstelik gemaak by die bevorder van die Hollandse taal in die Kolonie, beide as Prof.. van Nederlands aan die genoemde Kollege en ook as voorman van die beweging wat uiteindelik in die stigting van die Taalbond 'n program van aksie vasgelê het. By dit alles het dit gelyk of hy 'n goeie besef van die relatiewe belangrikheid van Engels en Hollands in die toekomstige volksopvoeding gehad het, want in een van sy lesings aan die Kollege het hy met 'n taamlik juiste insig uitgewy oor genoemde onderwerp, en die gelyktydige aanleer van beide tale verdedig, en in sy huis die beginsel toegepas. [1]) Maar op nog 'n ander gebied was hy vooruitstrewend. Hy het destyds verklaar dat hy in die Afrikaanse volk sien: „'n afsonderlike nasie met 'n afsonderlike taal", [2]) en dat hy dit destyds gemeen het moet ook wel blyk uit sy Idioticon van Afrikaans.

Nadat Ds. S. J. du Toit die amp van Supt. van Onderwys in die Transvaal, wat hy by die end van '89 opnuut aangeneem het, weer neergelê het, het die Regering die pos aan Professor Mansvelt aangebied. [3])

---

[1]) Aangehaal deur Geo. M. Hofmeyer in De Vereeniging van '98, waarin hy 'n reeks artiekels skryf oor onderwys.

[2]) The Transvaal Observer: 20 Okt. '91.

[3]) Brief van Dr. Leyds aan Mansvelt; dd. 9-2-91; afskrif in Argief.

Die toestande op politieke gebied was destyds in die Republiek glad nie so gunstig nie. Die vorige jaar het reeds die vlag-insident in Johannesburg sowel as die aanval van Advokaat J. W. Leonard op die Regering, en meer besonder op die Hollanders, plaasgevind. Ook die aanval op Dr. Leyds in die Volksraad, het duidelik aangetoon dat daar heel wat nuwe faktore in die berekening gekom het en dat Johannesburg baie gou 'n storm-sentrum sou word, hoewel die toestaan van die Johannesburg-Vaalrivier treinspoor in sekere mate die teenstand verminder het. Ook was die moeilikheid in verband met die Swasiland-Konvensie van 4 Augustus, 1890 — hoewel ten nadele van die Republiek — gereël. Daar was egter nog 'n binnelandse kwessie — die stryd omtrent kerkeiendomme — wat byna nog gevaarliker uitgedraai het dan die ander. In hierdie verband het die gemoedere baie hoog geloop en soms het byna minder gewenste gebeurtenisse plaasgevind. Temidde van hierdie sake was die onderwys onder die kontrole van 'n waarnemende Superintendent, en die oue heer Stiemens het besonder na sekere komplimente in die Raad, nie met 'n vaste hand leisels gehou nie. Deur die maklike wyse waarop subsiedie uitbetaal was, het bedrog al baie gou 'n aanmerklike omvang aangeneem en in verband met die verswakte disipliene van die Departement van Onderwys was die publieke opienie en die publieke gewete in 'n rigting ontwikkel wat later nog baie moeite sou gee aan 'n strenger hand, en wat alleen deur onderlinge simpatie en geneentheid, tussen volk en Superintendent, in ander bane sou kan gelei wees. Opmerklik is dit, dat nieteenstaande die openlike aanvalle van die Engelse pers op die Hollanders en die algemene antipatie by die Afrikaner, wat na die Burgersperiode vergoed gevestig was, die Regering daar tog toe oorgegaan het om 'n Hollander aan te stel vir die belangrike pos, waarin hy meer in aanraking sou kom met die volk, as in baie ander posiesies. Aan die ander kant moet aangehaal word dat Mansvelt al 16 jaar in die Kolonie was, en dat sy standpunt, soos hierbo aangehaal, nog nie so sleg was nie.

Mansvelt was nie haastig nie, want, na 'n preliminêre antwoord op 18 Febr. dat hy eers nog oor die saak wil nadink, stuur hy op die 21ste 'n stel van ses vrae, waarvan party min of meer as kondiesies bedoel word, o.a. of die betrekking „ad vitam aut culpam" is, of daar pensioen aan verbonde is, of die Supt. eenmaal per jaar 'n paar weke vakansie kry en ten vierde of hom „in Diens" geleentheid gegee sal word om na Europa te gaan om goed op hoogte te kom van wat van hom verwag word in die nuwe betrekking. Verder

meen hy dat die salaris onvoldoende was. Hierop antwoord die Regering onder datum 20 Maart in 'n brief waarin sowat al die moeilikhede tegemoet gekom word, alleen die geldsaak was nie definitief nie. Daarop het Mansvelt bedank, maar tog laat uitkom dat as hulle hom 'n bietjie meer betaal hy sou kom.

Die *offisiële* onderhandeling met Mansvelt het nou geëindig. Ondertussen het die Regering gehoor van 'n besonder goed gekwalifiseerde Afrikaner n.l. B. J. Haarhoff, M. A. (Kaap), Dr. Phil,, (Leipzig), maar ongelukkig ook Theol. Cand. (Utrecht). Na sy adres bemagtig is, telegrafeer Dr. Leyds aan hom dat die President 'n onderhoud met hom verlang re die Superintendentskap. Dr. Haarhoff is hierop onmiddellik na Pretoria. Inmiddels is dadelik telegrafies inligtings ingewin deur die Staatssekretaris omtrent die posiesie van Dr. Haarhoff ten opsigte van die kerk. Dat Ds. van Warmelo hieromtrent genader is, is nie opvallend nie, maar wel dat aan Prof. Mansvelt getelegrafeer is om te vra of hy reken dat Dr. Haarhoff geskik is vir dir amp. Mansvelt se antwoord hierop kon ons ongelukkig nie raakloop nie, dit sou in verband met die verdere loop van sake belangrik gewees het. Die onderhoud tussen Dr. Haarhoff en die President het egter plaasgevind, maar waarskynlik het die feit dat die Theol. Cand. tog liewer by die onderwys wou werksaam wees, selfs as inspekteur, as dit nie as Superintendent kon wees nie, [1]) 'n minder goeie indruk op SHEd. gemaak, want S. J. du Toit het, toe hy in '81 as kondiesie vir sy aanneem van die Superintendentskap gestel het dat hy sy status as predikant sou behou, as antwoord van die President gekry „as jy jou amp wil weggooi, dan wil ek jou nie hê nie". [2]) Hoe dit ook sy, ons kry die onverstaanbare, dat terwyl die onderhandeling met Dr. Haarhoff nog aan die gang was, Leyds weer aan Mansvelt telegrafeer of hy die betrekking sal aanneem as hulle hom £ 900 i. p. v. £ 850 p. j. betaal. Hierop telegrafeer Mansvelt terug „Voorwaardelyk aangenomen, brief hedenochtend verzonden". Dieselfde dag skryf Dr. Haarhoff aan die Regering dat hy die pos graag sal aanneem, en dat hy 'n groot begeerte het om sy volk op die wyse te dien. Nog kry hy nie 'n finale antwoord nie en Mansvelt se brief word eers afgewag. Die voorwaardes deur hom gestel is niks milder dan die eerstes waarop hy bedank het nie, en tog durf hy dit voorwaardelik aanneem en

---

[1]) In 'n brief dd. 18-5-91, stel hy dit voor.
[2]) J. D. du Toit: aangeh. w; bls. 239.

dieselfde of nog erger kondiesies stuur, o.a. moes die salaris minstens £ 1200 wees. Daar is beweer dat dit 'n deurgestoke kaart was.

Nou ontvang Haarhoff pas telegrafies berig dat die Regering hom nie sal aanstel nie [1]) ,,aangezien ZHEd. (de Staatspresident) is geadviseerd geworden dat iemand die als proponent toegelaten is al is hy nog niet aangesteld als predikant, toch reeds zyne verkiezing en roeping voor het predikersambt heeft geuit en bekend."

Aan Mansvelt is toe meegedeel dat sy kondiesies, soos die Regering meen geen beswaar sou gee nie en dat hy dus maar dadelik kon opkom om hulle te raadpleeg — hy het ook 'n onderhoud beding. Die onderhoud het volgens Mansvelt se verwagting afgeloop en nog voor die end van '91 het hy die bestuur van die Onderwys-Departement oorgeneem. Voor sy aankoms moet 'n sekere Prof. Angelbeek ook tydelik sy plaasvervanger gewees het, maar toe blyk dit dat die Prof. die opgegewe kwalifikasies in werklikheid nie besit het nie en hy is uit die pos verwyder. [2])

Toe Mansvelt sake oorneem kon 'n mens dadelik sien dat daar 'n gedetermineerde hand aan die wiel is. Volgens 'n wens, herhaaldelik reeds deur die Volksraad uitgespreek, en waarop by die laaste sitting deur S. Burger groot nadruk gelê was, het die Regering die nuwe Superintendent die optrek van 'n nuwe onderwyswet opgedra. Die konsep is reeds in die Staats Courant van 3 Febr. 1892 gepubliseer. Ook het hy, ewe as du Toit na '82, 'n skoolgids uitgegee wat volledige wenke, instruksies, ens. aan onderwysers en kommissies gee. Selfs die antipatieke pers was hiermee so ingenome dat die teëwerking vir 'n rukkie gestaak is. [3])

Hoewel hy die rapport van 1891 geteken het was hy natuurlik nie regstreeks verantwoordelik vir die statistieke wat daarin gegee was nie, want die meeste was reeds gekompileer voor sy aankoms.

Die aantal inspekteurs was toe met twee vermeerder sodat daar toe 4 was en daarvolgens is die Transvaal in 4 inspeksiekringe ingedeel. Die inspekteurs het van die nuwe Supt. strenger instruksies gekry as wat vroeër die geval was en aan hulle aanbevelings is ook meer aandag geskink, en al dadelik het 'n hele paar onbekwame onderwysers kennis gekry dat hulle van die end van die kwartaal

---

[1]) Alle briewe, telegramme, etc. in verband met hierdie onderhandelings is onder R. 1681/91; Argief.

[2]) Land en Volk: 29 Des. '91.

[3]) Land en Volk: 29 Maart, '92.

af nie meer gesubsidieer word nie. Ontslaan was onder die wet natuurlik nie moontlik nie, aangesien die ouers die onderwysers gehuur het en vir hulle salaris verantwoordelik was. Op hierdie manier was hy van plan om gou ontslae te raak van die, volgens hom, ongewenste element, maar die opruiming was minder gemaklik as wat hy dit verwag het, want al dadelik het hy op moeilikheid gestuit in die mees onverwagte gevalle, omdat die mense die ou tiepe van onderwyser beskerm het. Hy noem één geval waar hulle van iemand, wat op hande en voete gekruip het, nie wou afsien nie, hoewel die persoon alleen maar 'n bietjie bybelkennis besit het. [1])

Dadelik het hy dieselfde argumente teen hom, wat al vir jare elke sitting opgebring was, n.l. dat die armes dan glad geen onderwyser sou kan bemagtig nie, en dat hierdie ongekwalifiseerdes die kinders tog nog vir die aanneming kon klaarmaak. Opvallend is dit egter dat waar by vorige geleenthede Paul Kruger altyd die eerste was om op te spring en die part van die ongekwalifiseerde te neem, hy hier absoluut geswyg het. Dit skyn of Mansvelt hom bekeer het tot instemming met sy lyn van aksie. In sulke gevalle was egter wel indiwiduele afkeuring van die handelwyse van die amptenaar uitgespreek, maar gewoonlik nie 'n besluit gepasseer om die hande van die Supt. in hierdie rigting te bind nie. Dit was natuurlik moeilik te doen sonder om die wet te verander.

Na die behandeling van die verslag was die konseponderwyswet onder behandeling geneem. Die gewone prosedure was gevolg en 'n kommissie aangestel om die konsep te behandel aan die hand van die mosies, wat daaromtrent ingekom het, en dan rapport uit te bring. Dit het hulle gedoen op 5 Mei 1892. 'n Paar wysigings is aangebring. Op 'n paar plekke waar onderskeid gemaak was tussen wyk- en dorpskole ten voordele van die laaste was die verskil weggeneem. In art. 3 van die konsep b.v. was voorgestel om wykskole alleen te subsidieer volgens die aantal kinders en dorpskole volgens die gesamentlike som van die vrywillige bydrae en die ontvange skoolgelde. Die afsonderlike reëling vir die wykskole was geskrap. Bij die kwalifikasies vir inspekteurs, beamptes van die departement en die rektor van die Gimnasium was ingevoeg dat hulle die vereiste wetenskaplike bekwaamheid moes besit, onbesproke wees van wandel en lidmaat van 'n Hollands-Protestantse Kerk. In art. 11 van die wet was die omskrywing ingevoeg van die vereistes om stemgeregtig te wees vir die verkiesing van skoolkommissies; 'n

---

[1]) Eerste Volksraadsnotule: 1892, bls. 9.

belangrike toevoeging! wat bepaal dat alleen vaders van huisgesinne mag stem en donateurs (manne wat voldoende bydra ten genoeë van die eersgenoemdes.) Die subsiedie was verhoog. Die artiekels omtrent gratis onderwys was heeltemal uitgelaat. Art. 29 van die konsep, wat wou voorsiening maak vir die kinders op die goudvelde is uitgehaal en as 'n afsonderlike besluit aanbeveel.

By die bespreking van die gerewiseerde konsep was daar heelwat diskussie uitgelok deur art. 25 wat bepaal dat in St. III drie uur per week onderwys gegee mag word in 'n lewende vreemde taal en in die hoër standerds vier uur. Dis opgemerk dat, as die wet in die vorm sou deurgaan baie kinders uit die skool geneem en na Engelse inrigtings gestuur sou word.

Die uiteindelike resultaat was wet 8 van 1892. Hierdie wet is 'n baie vollediger dokument dan sy voorganger van '82 en hoewel die hooflyne onveranderd bly, is daar tog 'n hele paar afwykings wat van die uiterste belang was, of kon gewees het.

Die grondstelling van die du Toit-wet soos in art. 1 daarvan beliggaam word hier so goed as letterlik oorgeneem. Daarom miskien lui 1 (c) „Tot het stigten van eene inrigting voor Hooger Onderwys, *voornamelyk ter opleiding van ambtenaren en onderwyzers* (ons onderstreep) volgens hieronder te noemen bepalingen."

Art. 2 van '82, die godsdiensklousule, word ook net so oorgeneem met weglating van onderafdeling (e) wat die inisiatief op die kerkrade wou skuif. Die uitskuif van hierdie bepaling wys op 'n baie belangrike verandering van front. Aangesien dit nodig geag word om dit uit te laat kan dit nie of die beginsel daarin uitgespreek het nie heeltemal die goedkeuring van die nuwe Supt. weggedra nie. Artt. 3 en 4 van die twee wette stem ook ooreen. Dis hierdie artiekels wat die vernaamste deel uitmaak van die grondbeginsels in '81 goedgekeur, en uitgesonderd die aangehaalde geval is die ooreenstemming volledig.

Die vereistes vir die Superintendentskap bly onveranderd, maar die pligte word enigsins anders omskryf, aangesien die inspeksies nou vernaamlik in hande van die inspekteurs gestel word, wat verwag was om in die kringe waarin hulle aangestel was die skole tweemaal gedurende iedere jaar te besoek. Art. 10 van die wet, wat die Supt. die reg verleen om die vermenigvuldiging van ondersteunde skole, in een selfde lokaliteit, teen te gaan wys ook daarop dat 'n ander beginsel begin inkruip — sentralisasie en strenger staatskontrole. Die daaropvolgende Art. no. 11, is ook 'n afwyking en wat die grondbeginsels betref miskien nie so onbelangrik nie. Waar

in die du Toit-wet 'n kommissie 'n verskynsel is wat a priori aangeneem word, beskryf hierdie wet die prosedure wat by sy oprigting gevolg moet word, volledig.

Hierdie omskrywing laat mens sterk dink aan die ooreenstemmende omskrywing in die Burgerswet.[1]) Daar het egter al die burgers van die wyk gestem vir die kommissie, terwyl dit hier die vaders is plus diegene wat deur laasgenoemdes die reg erlang. 'n Reëling dus wat baie beter skyn te wees dan die onomskrewe sisteem van du Toit of die te uitgebreide stelsel van Burgers. Hier is ook nog 'n haakplek; omdat die bepaling nie sê dat die kommissielede se kinders werklik die skool moet besoek nie, bestaan daar natuurlik die moontlikheid dat 'n kommissie 'n sekere skool kan bestuur terwyl hulle self hulle kinders na 'n ander, ook wel 'n private skool, kan stuur.

Soos onder die Burgers- en du Toit-wette moet die kommissie hier ook sorg vir skoolgebou, meubels, ens. terwyl hulle die onderwysers op hulle eie voorwaardes mag aanstel, maar behoudens nadere goedkeuring van die Supt. van Onderwys. Die subsiediestelsel het hier egter 'n baie ingrypende verandering ondergaan. Eers was dit betaal per kind, maar dit het voorgekom dat daar in sekere gevalle hoegenaamd geen skoolgeld gehef was nie, en dat die onderwysers net uit die ontvange subsiedies betaal was, dus byna staatsonderwys. Dis waarskynlik om hierdie vorm van misbruik te voorkom dat toe vasgelê was dat die Regering vir elke £ 2, wat opgebring word deur skoolgeld of vrywillige bydraes, £ 5 sou bydra tot die fondse van die skool, met die proviso dat die Regeringsbydrae per kwartaal in geen geval sou uitwerk op meer dan 25/- vir 'n kind, wat laer onderwys ontvang en 35/- vir iedere leerling wat middelbare onderwys ontvang nie. Die kommissies was dus genoodsaak om skoolgelde te hef en gifte in te samel, anders kon hulle geen subsiedie kry nie. Opening vir bedrog het daar natuurlik nog gebly.

Gratis leerlinge het geen toelaes meer ontvang nie, want die Regering het gemeen dat die verhoogde subsiedie dit onnodig gemaak het. Dit was natuurlik 'n groot slag vir die skole wat, om so te sê, van gratis leerlinge se toelae bestaan het. Die afskaffing sou nie verwelkom word nie, siende dat daar 'n goeie duisend gratis leerlinge was.

As voorsorgsmaatreël word daar 'n artiekel ingevoeg waarvol-

---

[1]) Sien b.v. art. 54 daarvan.

gens skoolkommissies aanspreeklik gehou word vir geld wat deur valse voorstellings deur hulle skool te veel ontvang word.

Die bepalinge aangaande die onderwys self begin as volg: —

„Alle onderwys moet gegeven worden in de Hollandsche taal. Alleen by het onderwys in vreemde talen is het den onderwyzer geoorloofd zich van de taal te bedienen welke hy onderwyst."

Du Toit, miskennende die ware landstoestande, en nie in aanmerking nemende die feit dat toe die Republiek nog heeltemal vry was, daar in die praktyk reeds twee tale aangeneem was as landstale, wat dan ook in die wet van '66 duidelik vasgelê was, het in die bewuste art. 7 van sy wet Nederlands as die enigste medium gestel. Dit het herhaaldelik geblyk en was dan ook algemeen erken dat die beginsel onuitvoerbaar was, en die Volksraad het die grofste oortredings oogluikend toegelaat; in alle geval is daar geen tugmaatreëls geneem om dit te voorkom nie.

Die wysiging van die skoolwet is 'n direkte uitvloeisel van die onuitvoerbaarheid van art. 7 en tog word in die gewysigde wet hierdie groot faktor, wat vernaamlik oorsaak was van die wysiging, glad nie in aanmerking geneem nie. Het die Supt. wat nog kort tevore gepredik het, dat elkeen in *Suidafrika* (nie net in die Kolonie nie) Engels moes leer, die debatte omtrent hierdie onderwerp, wat vir die laaste ses of sewe jaar gereeld in die Raad gehou was, noukeurig deurgelees, dan sou hy miskien gesien het dat die bevolking van die Republiek vir 'n baie groot gedeelte dit roerend met hom eens was. Selfs die Ebenhaëzer-skool, wat voortbestaan het onder die direkte toesig en bestuur van die Nederduits Hervormde Kerk, en wat as eerste instruksie aan sy kommissie gegee het dat die onderwys deur medium van Hollands moes wees, het die besluit so onuitvoerbaar gevind, dat hulle selfs op die moment, wat die nasionale geesdrif op sy hoogste was, net na die vryheidsoorlog, aansoek gedoen het om subsiedie vir kinders, wat alleen deur medium van Engels onderwys word. Nieteenstaande al hierdie sake kom die art. tog net so in Mansvelt se wet en daarop volg in art. 25, dat „desvereischt" in St. III, drie uit die 25 uur per week gebruik mag word vir die onderwys in 'n *vreemde* taal, en in die Standerds IV, V en VI vier uur per week. Daar word nie eers gestipuleer dat, waar onderwys in 'n vreemde taal gegee word dit vereers Engels *moes* wees nie, niks daarvan nie! Desnoods kon die kinders Hollands en Duits leer en sodoende vreemdelinge word in hulle eie land; dit was minder. Dan het die wetmakers van '66,

die verongelukte Algemene Skoolkommissie, 'n meer praktiese standpunt ingeneem, wat, beide ekonomies en opvoedkundig, soos dit ons toeskyn, suiwerder was. Die Engelse krante sowel as Afrikaanse d.i. Hollandse het hierdie verandering skerp afgekeur.

Het du Toit die gebruik van Engelse boeke as in sommige gevalle onvermydelik beskou, Mansvelt lê by wet neer: —

„Alle leerboeken moeten in de Hollandsche taal geschreven zyn, behalve die, welke by het onderwys in een vreemde taal gebruikt worden."

Hierdie standpunt is natuurlik die korrekte, mits hy sorg dat die geskikte boeke voorhande is, en vir hierdie doel het die Departement hulle aanvanklik heel wat werk gegee:

Onder die vorige wet sou 'n sertifikaat van die Kommissie van Eksaminatore „by benoeming in elk geval eene aanbeveling zyn" [1]), dit was egter geen sine qua non nie, en dit skyn nie asof daar deur die Superintendent se veelsydige belangstelling waarskynlik — ooit die minste nadruk op gelê of aanmoediging aan gegee is nie, maar onder Mansvelt sou die besit van 'n suiwer Republikeinse sertifikaat — 'n Hollandse was ook vir 'n lang ruk heeltemal goed — die *open Sesame* word vir alle poste, tenminste die waar enigsins 'n bestaanbare salaris aan verbonde was. Die beperkings was omskrewe in art. 29 van die wet.

Ongetwyfeld was iets in hierdie gees nodig om die onderwys tot 'n hoër standaard te bring. 'n Bron van groter moeilikheid sou egter die artiekel wees wat omskryf dat persone wat elders 'n sertifikaat gekry het, dit eers ter goedkeuring moes inhandig.

Op homself is daar natuurlik niks teen hierdie artiekel in te bring nie, maar dis die regulasies wat daar later onder opgetrek sou word wat moeite sou veroorsaak, en dit ook alweer nie om die regulasies self nie.

Vir iedere 30-tal leerlinge moes daar 'n bevoegde onderwyser wees. As die getal 45 beloop het, mog daar 'n kwekeling aangestel word en was dit 60 dan twee kwekelinge of een hulponderwyser. Kwekelinge moes 'n diploma van die eksamen vir die Skoolwedstryd besit, maar by wykskole mog die Supt. van die regulasie afwyk. Honoraria was toegeken volgens die lengte van bevredigende diens.

Die skoolvakansies wat onder die vorige wet deur die kommissies vasgestel was, is toe deur die Supt. bepaal: Dus weer 'n klein stappie in die rigting van sentralisasie van kontrole.

---

[1]) Wet van '82: B. II, 12.

Afdeling G. van die wet gee opening vir ambagsonderwys in verband met skole waar middelbare onderwys (St. IV tot VI) gegee word. Kinders wat dit bywoon moet St. III deur wees, en 'n subsiedie van 20/— per drie maande per kind word hiervoor toegesê.

Die „Hooger Onderwys" sal bevorder word deur die oprigting van 'n „Inrichting voor Hooger Onderwys" in Pretoria, die verleen van toelaes aan Hoër Meisiesskole en die Raad van Eksaminatore soos vasgestel in wet 13 van 1866. Volgens art. 47 het eersgenoemde inrigting ten doel: —

„(a) de voorbereiding van jongelieden tot het eigenlik universiteitsonderwys;
(b) de wetenschappelyke vorming van jongelieden voor staats-, handels- en rechtsgeleerde betrekkingen;
(c) de opleiding van onderwyzers;
(d) de opleiding van wetenschappelyke landbouwers."

Hierdie rangskikking is in stryd met art. 1c. van die wet wat as grondbeginsel neerlê dat die doel vernaamlik is die opleiding van amptenare en onderwysers.

Die twede inrigting, die vir meisies is heeltemal 'n nuwe stap. Ons het in die vorige hoofstuk reeds gesien dat toe du Toit so'n plan sterk aanbeveel het, die Raad 'n baie ontmoedigende houding ingeneem het. In verskillende rigtings het Mansvelt dus meer gedaan gekry as S. J. du Toit. Kan dit wees dat die feit dat Dr. Leyds beter met sy landgenoot, Mansvelt, dan met sy opponent, du Toit, oorweg kon, iets bygedra het om die nuwe Supt. se skemas deur te help?

Volledige bepalings vir die twee inrigtings word gegee en by hulle behandeling later, sal ons daarna verwys. Die laaste van die twee sou geen staatsinrigting wees nie, maar 'n driemaandelikse toelae van 45/- per leerling sou toegeken word.

Nog 'n twede staatsskool word opgerig, n.l. die Staatsmodelskool, 'n voortsetting van die vroeër Voorbereidingskool. Dit word 'n skool vir gewone laer en middelbare (St. IV—VI) onderwys, maar hierdie een sou nou in alle opsigte aan die wet voldoen en tot model strek vir ander. [1])

Voorsiening was verder ook gemaak vir die oprig van 'n Blinde en Doofstomme-Instituut, sodra daar nie minder as tien applikante

[1]) Dis die verklaring wat Mansvelt daaraan gee by die behandeling van die art. in die Raad. (Mei '92.)

vir een of beide afdelings van die instituut hulle sou aanmeld.

Die wet was voorsien van 'n bylae wat bepalings bevat vir die toekenning van Honoraria vir verdienste. Die ou stelsel in verband hiermee was ook heel wat verander. Aanspraak op hierdie bonus kon alleen deur onderwysers gemaak word: (a) ingeval hulle aan skole vir gewone laeronderwys is, as 60 persent van die totaal sowel as 40 persent van die leerlinge in St. III deurkom, en (b) ingeval dit 'n skool is wat ook middelbare onderwys gee as 60 persent van die totaal en 40 persent van die leerlinge in Sts. V en VI deurkom. Beantwoord die skool aan die vereistes dan word volgens diensjare in die Republiek verskillende Honoraria toegeken.

Teneinde tegemoet te kom aan die behoefte van die nie-Hollandssprekende bevolking was 'n spesiale reëling vir hulle per Volksraadsbesluit gepasseer; Art. 344 van 1 Junie 1892. Dit bepaal dat skole, waar die medium nie Hollands is nie, tog subsiedie mag trek vir kinders van *nie Hollands-sprekende ouers,* op voorwaarde dat hulle onderwys in die Hollandse taal ontvang van een deur die Supt. goedgekeurde onderwyser, en dat hulle die Inspekteur bevredig omtrent hulle vordering, terwyl „De kennis der leerlingen van de Hollandsche Taal zal beoordeeld worden naar de gewone standaarden van onderwys, door den Superintendent van onderwys vastgesteld, voor zooverre deze de praktische en theoretische kennis der Hollandsche Taal betreffen." En omtrent die prosedure by die inspeksie word o.a. die volgende gestel: —

„Na afloop der algemene inspectie van zulke scholen moeten de leerlingen, voor welke de hieronder bedoelde subsidie verlangd wordt, naar hunne vordering in de kennis der Hollandsche Taal in verschillende klassen, overeenkomstig de standaarden verdeeld, aan het onderzoek der Inspekteurs onderworpen worden."

Wat praktiese uitvoerbaarheid betref lyk die laaste ons 'n baie moeilike reëling. Hier word skynbaar aangeneem dat vir die Hollandse lesse die skool in nuwe klasse ingedeel word, sodat b.v. 1 uit St. VI, 2 uit St. V, 3 uit St. IV en 12 uit St. III almal by die Hollandse les b.v. in St. II is. M.a.w. dis waar die skool enige omvang het alleen moontlik as daar 4 of 5 onderwysers tegelyk Hollands kan gee, anders sien ons nie hoe dit kan, sonder om die ander vakke ontsaglik nadeel te doen nie, maar daar was gewoonlik net een onderwyser vir Hollands aangestel; dus was dit byna 'n onmoontlike saak. Daarby moes hulle dieselfde hoogte bereik as 'n Hollandse kind om vir 'n standerd goedgekeur te word. Die moontlikheid vir 'n Engelse kind om in sy skooldae ooit verder te

kom in Hollands as St. III, was dus nie groot nie. Ons twyfel of daar van die kinders vir wie die wet werklik bedoel is, ooit een St. VI geslaag het (d.i. in Hollands). Die subsiedie vir elke suksesvolle kandidaat in St. I, II, III, IV, V en VI was 20, 22½, 25, 27½, 30 en 32½ sjielings per half jaar respektieflik. Uit bostaande analiese sien mens dadelik dat dit 'n besluit sonder 'n toekoms was. Dat die Engelse die besluit nie van harte gesteun het nie kan ons nie met Dr. Mansvelt aan louter onwil toeskryf nie.

Hierdie besluit was voorlopig maar voor drie jaar gemaak, omdat dit as 'n oorgangsmaatreël bedoel was. Dit het in werking getree op 1 Julie 1892. Die onderwyswet het self pas op 1 Jan. 1893 van krag geword.

Wet 8 van '92 gee ons dus vergeleke met die van '82: —

(a) 'n Nuwe stelsel van subsiedie;
(b) 'n Nuwe stelsel van skoolbestuur;
(c) Meer sentralisasie;
(d) 'n Wettige opening om subsiedie te betaal aan skole uitsluitend besoek deur kinders van *nie-Hollands-sprekende* ouers;
(e) 'n Groot aansporing tot die verkry van hoër onderwyskwalifikasies;
(f) Ekstra ondersteuning vir 'n Hoër Meisiesskool; en
(g) 'n Staatslaerskool, die Modelskool.

Daar word hoegenaamd geen voorsiening gemaak om tegemoet te kom aan die algemene vraag van die Afrikaans-sprekende bevolking vir meer fasiliteite vir onderwys in Engels.

Nadat die wet en die besluit veilig deur die Volksraad was, het Mansvelt ses maande verlof, wat hy by sy aanstelling beding het, geneem en is hy Holland-toe, nadat hy eers nog van die Volksraad magtiging gekry het om aldaar die personeel vir die Gimnasium aan te werf teen 'n mienimum salaris van £ 700 vir dosente en £ 850 vir die rektor. Laasgenoemde moes volgens wet wees „'n gepromoveerde van 'n erkende Europeesche Universiteit." [1]) Hierdie aanskaf van personeel vir die Gimnasium was volgens die Nederlands Z. A. V. [2]) die vernaamste doel van sy besoek en hy het dan ook weer laat uitkom dat die doel van die Gimnasium in Pretoria sou wees „de jongelieden zoover te brengen, dat zy, vandaar komende, ryp zyn voor het bezoek van Europeesche Universiteiten."

---

[1]) Wet 8 van '92, art. 55.
[2]) Verslag N.Z.A.V. 1892/1893; bls. 17.

In Nederland het hy verhaal hoe hy sake by sy koms aangetref het, hoe hy dinge aangepak het, wat die gevolg daarvan was, en indirek sien ons ook daaruit hoe hy die reaksies daarteen opgeneem het, en wat sy verdere onderwyspolitiek sou wees. Hy sou strenger die hand hou aan kwalifikasie-, subsiedie- en taalvoorskrifte; vir die agitasie van die Engelse sou hy nie terugdeins nie.

Op sy reis het hy ook verskillende onderwysinrigtings in Nederland besoek, ook was hy in Engeland en Skotland met die oog op die onderwys in hande-arbeid en huisvlyt. Sy besoek aan Holland het daar seker ook toe bygedra om hom by sy terugkeer in Suidafrika die tietel van Dr. in die Lettere, Honoris Causa, te laat ontvang.

By sy terugkeer moes sy rapport oor 1892 gereed gemaak word. Die algemene vraag vir meer Engels wat gedurig deur Afrikaners van alle stande en range herhaal was, moes hom baie skaduweeagtig voorgekom het. Du Toit het dieselfde ondervind en aan die onweerstaanbare drang van sake toegegee, maar Mansvelt was van 'n ander temperament. 'n Gestelde doel sou hy nie gou opgee nie. Vanuit Stellenbosch het hy 'n nuwe Afrikaanse taal en 'n nuwe Afrikanernasie onderskei, maar nou in die praktyk kon hy nog min met die taal aanvang en moes hy hom onverbiddelik aan Nederlands hou, en hy was ongelukkig so onversigtig om hom soms minagtend oor Afrikaans uit te laat. Daarmee begin hy reeds in die eerste rapport waar hy heeltemal voor verantwoordelik was. Die vraag na Engels skryf hy toe aan 'n gevoel van minderheid, veral „die dwaze eisch" dat jong kinders al Engels moet leer. [1]) Self egter het hy gesorg „dat myne kinderen zich van het begin af in beide talen leeren uitdrukken." En so gaan hy verder voort om te bewys dat in die korte skooltyd, vir baie maar 2 of 3 jaar, alle aandag alleen aan die moedertaal moet bestee word, en hy eindig die argument met die volgende: —

„Ik acht het myn duren plicht op het kwaad te wyzen, opdat allen, wien het onderwys en de toekomst van ons volk ter harte gaan al hun invloed mogen aanwenden om ons volk van dezen dwaalweg af te brengen."

Dit was weer ruim so onversigtig om so sterk sy afkeuring uit te spreek oor 'n neiging wat destyds baie algemeen was. Hiermee het hy dan ook sy persoonlike invloed nie versterk nie.

Die statistiek vir hierdie eerste jaar was nie gunstig nie. Die jaar 1891 het geëindig met 8300 kinders, '92 het begin met 9537 vir

[1]) Verslag van die Dept. v. O., St. Crt. XIII, 648 van 19-4-93.

die eerste kwartaal, [1]) maar van toe af het die strenger toepassing van art. 7 van die wet (d.i. die van '82) en die daarmee gepaard gaande weiering van subsiedie die rol gou aanmerklik laat krimp en gedurende die laaste kwartaal van '92 was dit gedaal tot 7035, dus 'n vermindering van 2500, en dit was nie net Engelse wat die gesubsidieerde skool verlaat het nie; die Afrikaners was goed daaronder verteenwoordig gewees. Dit blyk wel die beste uit Mansvelt se eie opsomming van die redes.

„De oude wet was strenger op het punt van de landstaal dan de tegenwoordige. Onder de oogen van het Departement van Onderwys is die wet overtreden geworden en is er toen subsidie aan scholen betaald, waarvan de onderwyzers niet in staat waren de landstaal te verstaan. Sinds verleden jaar is nu die wet toegepast (d.i. die van '82) en is er eene sterke reaktie ontstaan want *de menschen willen zich niet laten dwingen en er is een soort bitterheid ontstaan waarvan het gevolg is geweest, dat de ouders hunne kinderen hebben weggenomen en naar andere scholen gezonden waar ze misschien geheel en al verstoken blyven van het onderwys in de landstaal.* (Ons onderstreep).

. . . .Spreker moest erkennen dat er onder de tegenwoordige toestand veel meer gevaar bestaat dat vele landskinderen zullen opgroeien, niet alleen buiten kennis van de landstaal, maar dat ze in een verkeerde geest zullen worden opgevoed." [2])

Mansvelt was hom dus duidelik bewus van die kwaad en nadeel wat hy gedoen het deur sy drastiese optrede. In die Raad was reeds tevore openlik erken dat die wet van '82 in hierdie opsig nie letterlik toegepas kon word nie. Eers het die Raad instruksie gegee dat dit wel gedoen moes word, maar na 'n paar jaar is die feit so duidelik geword dat dit nie met nadruk herhaal is nie; wel is wetswysiging in die gees van groter fasiliteite in Engels voorgestel. Of dit goeie politiek van Mansvelt was om, nou die '82 wet nog net 'n paar maande sou moet werk, regulasies streng toe te pas, wat in die verlede onuitvoerbaar geblyk het, wil ons nie beoordeel nie. Eerlik teenoor sy voorganger was dit seker nie. As hy gedink het dat die publiek, na hulle die verskriklike van die du Toit-wet gesien het, sy nuwe wet as 'n verlossing sou verwelkom, dan het hy hom deerlik misgis, want al het 'n jaar se strenge toepassing van die du Toit-wet die

[1]) Van toe af gee Mansvelt in sy statistiek nie die syfer vir iedere maand soos tevore nie, maar vir iedere kwartaal. Die aantal skole wat vanaf '91 gegee word is die aantal wat gedurende die hele jaar bestaan het.

[2]) Eerste Volksraadsnotule: art. 91 van 1893.

skole taamlik gesuiwer van die element, wat nie met sy nuwe wet sou akkordeer nie, tog het by die invoering daarvan alles nie so voorspoedig gegaan nie.

Tog het hy heel wat ondersteuning gekry. Op 4, 5 en 6 April het die eerste onderwyserskonferensie in die Transvaal plaasgevind. Onder die leiding van Mnr. R. D. Collins, verteenwoordigende die Hollandse afdeling en Mnr. W. Marren vir die Engelse, was *al* die onderwysers in die Republiek uitgenooi om in Pretoria saam te kom. Mnr. Geo. M. Hofmeyer was aangesoek om 'n referaat te lewer by die geleentheid. Die onderwerp was die kontrowersiële punt van die dae: — „Is Engelsch noodig voor onze kinderen?" [1]) Sy antwoord was bevestigend. Handel en Mynindustrie was in die hande van die Engelse. Die handelstaal in die vernaamste dorpe was Engels. Die „Nationale Bank" was verplig om sy sake in Engels te reël. Op die marke kon 'n mens daarsonder nie klaar kom nie en in die toekoms as Hollands- en Engels-sprekendes orals, tot selfs in die verste distrikte, deurmekaar sou woon, sou dit selfs daar onmisbaar wees. Dit sou die nasionaliteitsgevoel nie benadeel nie. Die Vrystaatse wet is baie vryer. Hy stel voor meer vryheid om Engels te leer, hoewel Hollands op die voorgrond moet bly.

By die diskussies daarna was daar twee strominge: Hollanders teen Afrikaners. Die eerstes het die Dept. die wet, die historiese regte van die Hollandse taal sterk verdedig; laasgenoemdes het hulle sterk versit teen die opgehemelde nasionale in die wet. Insp. de Jonge het opgemerk dat die feit dat die Hollanders voor die wet was, en van die Afrikaners net een, tot versigtigheid maan. Dit skyn of hierdie versigtigheid hom beperk het tot die aanstelling van persone om die wet uit te voer, want in '98 gee Geo. M. Hofmeyer 'n lys van promosies — almal Hollanders wat by die Kongres die wet verdedig het en één Afrikaner.

'n Kommissie, wat beide partye verteenwoordig, het die saak uiteindelik met die Supt. bespreek en laasgenoemde het toestemming gegee om toe in St. II al 'n aanvang te maak met Engels op 'n „praktische wyze" [2]) ter tegemoetkoming van „billyke eischen".

---

[1]) Brief van Geo. M. Hofmeyer in De Vereeniging van 17-8-98. Gedenkboek: blss. 7, 8, 9.

[2]) Die onderhoud het waarskynlik plaasgevind op 5 of 6 April en reeds in die St. Crt. van 19 April verskyn die verslag oor '92 en daarin word twee maal melding gemaak van die konferensie. Die Supt. het dus waarskynlik terwyl die verslag al op die pers was, nog 'n paar artiekels bygeskryf en laat invoeg. Die verband skyn daarop te wys.

In sy rapport noem hy net 'n paragraaf hoër die vraag om meer Engels „kortzichtige wenschen". Die eersgen. het hy waarskynlik later ingevoeg.

Na opvallend min bespreking is die verslag deur die Raad aangeneem. Kort hierop is 'n wysiging in die wet van '92 aangebring in wet 8 van 1893. Die wysigings staan egter nie in verband met die brandende vraagstuk van die oomblik nie, die taalkwessie. Dis hoofsaaklik slegs wysigings of aanvullings van minder belangrike puntjies wat die praktyk gedikteer het, en dit was nie in stryd met die grondbeginsels van die wet nie: —

Waar in art. 9 '92 'n huur van 10/- per maand toegestaan was vir 'n skoollokaal, afgesien van die aantal kinders vir wie dit bedoel was, is hier bepaal dat die toelae sal wees, 10/-, 15/- en 20/- per maand vir kamers geskik vir 10, 20 en 30 kinders respektieflik. Ook was nog 'n belangrike deel toegevoeg n.l. dat die Regering 'n gedeelte van die geld vir aanbou van 'n skool vereis, onder behoorlike sekuriteit, aan die kommissie mag leen teen 'n bepaalde rente: Die bedrag die helfte van die totale koste nie te bo te gaan nie.

Die stemreg vir die verkiesing van skoolkommissielede was toe beperk tot die vaders van huisgesinne, wat hulle kinders in die betrokke skool gehad het of wat hulle skriftelik verbind om hulle kinders dadelik vir minstens drie maande te stuur, en donateurs soos tevore bepaal.

'n Toelae van 30/- per kwartaal vir werklik behoeftige kinders was toe weer ingevoer. Die verklaring van onvermoë moes onderteken wees deur die Veldkornet of Landdros en deur minstens drie kerkraadslede. Dan volg nog twee artiekels wat betrekking het op Gimnasium en Hoër Meisiesskool respektieflik — sien aldaar.

Dit eindig die onderwyswetgewing van '93. Dit was egter nie alleen op onderwysgebied wat daar roering was nie. In die politiek was sake nog ernstiger en diep onderstrome het hulle begin vorm, en die onderwysstelsel het daar seker nie toe bygedra om 'n bevredigende oplossing in die vooruitsig te stel nie. Rhodes se lewensideaal het hom al skerper begin afteken. Sy toespraak in Kimberley in '91 het ten duidelikste laat deurstraal in watter rigting hy sou werk, en die instemming waarmee dit in die Kolonie ontvang is, het 'n verwydering tussen die twee lande teweeggebring. Die onderwysstelsel sou hierdie skeur help bestendig.

Die oproerige elemente in Johannesburg, wat vir 'n ruk skynbaar nog nie presies geweet het wat hulle wou nie, begin toe sisteem in

hulle gaos te bring. Adv. Leonard, één van die vinnigste onder die Engelse, het die wagwoord van Rhodes oorgeneem en in 'n aanspraak in Maart '92, te Johannesburg, hoop hy ook al dat hy die dag mag aanskou waarop alle state en kolonies van Suidafrika sal verenig wees. Sy gedurige aandryf van die Engelse om hulle te bring tot belangstelling in hulle politieke regte was met 'n doel voor oë. In Augustus, '92 is dan ook die „Transvaal National Union" opgerig met die gepubliseerde doel om die onafhanklikheid van die Republiek te bewaar, (dit sou later blyk dat dit werklik hulle doel was, maar die Regering sou nie heeltemal dieselfde wees nie) en om langs konstitusionele weë gelyke regte vir alle burgers te erlang. Toe het daar 'n kop gekom aan die gaotiese massa. Die liggaam kon toe handel en onderhandel. Deur die leiers is daar vurig propaganda gemaak, en gedurig is hulle teen die Regering in die weer. Ongelukkig was daar baie vatplek, en konsessies, spoorweë, omkopery en heelwat ander sake het so nou en dan 'n kern van waarheid aan hulle betoog gegee en die werkman het alles te same as die hele waarheid beskou, en 'n baie gevaarlike toestand was dus geskep. Dat 'n goeie uitlanderonderwyswet nie presies in die smaak van die vernaamste ratte van die bedrywigheid sou geval het nie, was duidelik. Omdat die besluit van '92 nie in sekere opsigte goed genoem kon word nie, was dit natuurlik water op hulle meul. Mansvelt het dieselfde effek op hulle gehad, want waar Dr. Leyds hulle al 'n ergernis was, het Mansvelt in die beskouing gedeel. Sake het snel die rigting begin inslaan van vroeër dae onder die Burgerswet, toe die basis vir veroordeling nie die saak self betref het nie, maar die persoon wat daar agter sit. Die Engelse was al sover, die Afrikaners sou gou daar wees. „Land en Volk" wat eers nog al meegaande was, begin nou te draai maar is nog nie bitsig nie, en hulle waarsku Mansvelt dat die taalklousules moeite moet gee, en raai hom aan om wysigings te maak voor dit te laat is. „Men loope toch niet als een dwaas met zyn kop tegen de muur."

Hierdie welgemeende raad het geen gevolg gehad nie. Die uitdunning van die skole in '92 sou 'n mens veronderstel moes genoeg gewees het om die aantal kinders toe weer stabiel te hou, aangesien die 4 inspekteurs die meeste twyfelagtige skole reeds onder hande gehad het. Tog het in '93 die aantal leerlinge geval van 7035 tot 5909. Weiering van subsiedie waar teveel Engels gegee was, was gedeeltelik hiervoor verantwoordelik. Die Supt. wat gereeld die oorsake van die agteruitgang in sy rapporte vermeld, som hulle hierdie jaar op as: —

a) Die onttrek van subsiedie aan skole wat nie aan die wet voldoen nie;

b) Agteruitgang van skole deur opposiesie van Engelse of Engelsgesinde kant en die opneem van ander beroepe deur goeie onderwysers;

c) Die gebrek aan bekwame onderwysers van 'n personeel van 389 was n.l. slegs 82 voldoende gekwalifiseerd. [1])

Die inspeksie het toe baie bevredigender geword. Die gemiddelde aantal skole vir die vier kwartale was 250. In die geheel was daar 350 inspeksies gehou. 'n Skool moes egter tweemaal per jaar geinspekteer word, en hierom was, nieteenstaande die verminderde aantal kinders, tog 'n vyfde inspekteur aanbeveel, om sodoende die werk volledig te kan maak.

Die strewe na neutralisasie begin hom al sterker te openbaar. Art. 10 van die wet stel Mansvelt in staat om in dorpe die vermenigvuldiging van gesubsidieerde skole te voorkom. Ook in die distrikte wil hy nou graag begin om die euwel teen te gaan: — „dat nog steeds als een kanker aan ons onderwys knaagt, n.l. de vele kleine mededingende scholen, zoowel buiten als op de dorpen, hoewel grootendeels op de laatsten". Dit skyn dus asof hy die reg, wat hom toegeken was, vir die dorpe nie uitgeoefen het nie, hoewel hy verklaar dat die verskillende klein skooltjies in sommige gevalle deur jaloersheid of eiebaat opgerig word. Daarenteë was hy tog hierdie selfde keer beskuldig van die Ottoline-instituut subsiedie te geweier het, omdat hierdie reeds lank-bestaande inrigting afbreuk gedoen het aan die meisiesskool wat onder sy beskerming gestaan het. Deur die Raad ter verantwoording geroep, het hy as rede vir sy handelwyse opgegee dat die hoofonderwyseres geen twede klas sertifikaat besit het nie, en dat orde, organisasie en metode nie bevredigend was nie. Raadslede het egter beweer dat die onderwyseres tot sy koms 'n honorarium getrek het, en dat hierdie skielike agteruitgang baie twyfelagtig was.

In verband met die oprig van nuwe skole stel hy nou voor dat die Dept. van Onderwys gelas sal word om, alvorens subsiedie toe te ken, met die Landdros of veldkornet en met die Inspekteur van die kring te raadpleeg waar die beste plek is, en as die plek goedgekeur word, pas dan subsiedie toe te ken. Hoe hierdie en ander suggesties gerym kan word met private inisiatief, die allereerste grondbeginsel van die wet, kan ons moeilik insien. Reëlings moet dus

---

[1]) Verslag van die Supt. oor '93: St. Crt. XIV, 706, van 2-5-94.

gemaak word vir 'n skool, — anders kan geen subsiedie aangevra word nie — alles moet in orde wees, en dan kan die berig miskien kom dat Skulpadfontein nie sentraal genoeg geleë is nie, en dat alles opnuut begin moet word met Rietfontein as middelpunt. Mansvelt begin sy geloof aan private inisiatief, die plig van die ouer om vir die opvoeding van sy kind te sorg en dergelike sake, te verloor. Hy is veel meer 'n man vir Staatsonderwys, en baie veranderings wys al sterk in die rigting,hoewel hy daar offisieel nie aan glo nie.

Die voorstel wat Stiemens, gesteun deur die Raad van Eksaminatore al tweemaal opgebring het, n.l. om subsiedie toe te ken ook vir die kwalifikasies van onderwysers is toe ook weer voorgestel. Mansvelt wil inplaas van die Honoraria, gegradeer volgens 'n dienstyd van drie tot vyftien jaar, gestel sien, 'n toelae — minder dan die Honorarium egter — vir sertifikate. Die poging was tevergeefs.

Met voldoening maak Mansvelt melding van die onderwyserskonferensie van 1894 en van die oprig van die V. V. O. O. Z. A. R. [1]) wat dieselfde Kristelike en Nasionale beginsels tot grondslag gekies het, as die waarop die onderwyswet berus.

Ons het daar reeds die nadruk opgelê dat die konferensiebeweging uitgegaan het van Hollands- en Engelssprekende onderwysers, beide van gesubsidieerde en van vrye skole. Toe daar in '94 tot die oprig van 'n Vereniging oorgegaan was, is daar heel wat moeilike puntjies bespreek in verband met die statute. Eers omtrent die doel, wat gestel was as: — die bevordering van Kristelike en Nasionale opvoeding. Party wou weet wat nou met daardie „nasionaal" bedoel was. Dit is as volg verklaar: —

„de omschryving van dat woord, zooals door de heren J. L. Moerdyk, J Vegter en J. van Bruggen gegeven, in verband met de wordingshistorie en de eenheid van het volk in taal en afstamming, werd, indien niet door allen, toch door de meerderheid der vergadering gedeeld". [2])

Dit was weer die Afrikaners wat nie ingestem het met die omskrywing van die term soos hierbo geformuleer.

Die groot vraag van die dag egter was, wie lid sou wees van die vereniging; al die onderwysers of net die wat aan gesubsidieerde skole werksaam was? En hier het Mansvelt ook weer 'n sê in sake gehad: —

„Het Departement van Onderwys verklaarde ronduit, dat een ver-

[1]) Vereeniging van Onderwyzers en Onderwyzeressen in de Zuid-Afrikaansche Republiek.

[2]) Gedenkboek . . : blss. 11, 12.

eniging waarvan al het onderwyzend personeel der scholen, opgericht in opposiesie tegen het Departement; ook stemgeregtigde leden konden worden haar steun en die der HEd. Regeering niet mocht verwachten." [1])

Hierdeur beïnfluenseer is daar, nieteenstaande die samewerking van die ander kant, tog besluit om hulle die lidmaatskap van die vereniging te ontsê. Hier was Mansvelt behulpsaam om 'n band te breek, wat met tak en beleid 'n baie groot faktor kon geword het in die ophelder van nasionale moeilikhede.

Die liggaam was nou geword 'n sterk hulp vir Mansvelt in die uitvoering van die wet, en hierom het hulle later selfs van Regeringsweë, deur toedoen van Mansvelt, 'n jaarlikse toelae ontvang. [2]) Baie was verbitter deur die besluit omtrent lidmaatskap: —

„Dat door aanneming van dit besluit verscheidene onderwyzers ter vergadering tegenwoordig, weigerden lid onzer vereeniging te worden en heengingen, werd betreurd, maar de drang der omstandigheden was te machtig. Met leedwezen zag men vooral mannen heengaan, van wier liefde tot het onderwys en het Afrikaansche volk men overtuigd was."

Dit was weer die Afrikaners wat nie met hierdie behandeling van die ander onderwysers kon instem nie.

By die Raad was al weer enige memories in verband met onderwys ingekom, o.a. was gevra om verwisseling van inspekteurs, verhoging van subsiedie, meer Engels en as teenhanger van die laaste was daar ook ander wat versoek het om handhawing van die wet. Omtrent die aanvraag om geld het die Raad nie baie teëwerpings gemaak nie. Die 25/-, 35/-, en 45/- by wet gestel as die driemaandelikse toelae vir kinders op die laer, middelbare en meisiesskool respektieflik is verhoog tot 30/-, 40/- en 50/, per kwartaal. Die bydrae was ook so gereël dat die Regering i.p.v. vir elke £ 2 opgebring £ 5 te betaal, nou £ 4 gegee het vir elke £ 1 deur die besture opgebring. Aan wykskole met 10 of minder kinders is ook nog 'n ekstra subsiedie van 10/- per kind per kwartaal toegestaan.

Oor die aanvraag om meer Engels is baie lank gediskusseer en hoewel besluit is om die wet te handhaaf, was die stemming tog 13—9. Dit het dus nie baie geskeel nie of die groot punt van Mansvelt se wet was verander geword.

Enige tyd later het 'n buitengewone iets plaasgevind. 'n Sterk

[1]) ibid. bls. 13.

[2]) Op 'n paar begrotings is die toelae goedgekeur; later het daar opposiesie teen ontstaan.

ondersteuner van Mansvelt op die Konferensie, het aansoek gedoen by die Uitv. Raad om buitengewone ondersteuning vir sy skool in Johannesburg. Op aandrang van Mansvelt is besluit om aan die skool, grond en 'n skoolgebou te gee — laasgenoemde teen matige huur — vir ,,nationale schooldoeleinden onder de wet."

Volgens Mansvelt is daar nie gou genoeg begin aan hierdie buitengewone inrigting nie, want in sy volgende jaarverslag betreur hy dit dat met die skool waarvan hy soveel goeds vir die ,,nationaal onderwys" verwag het nog nie begin is nie. [1])

Mansvelt is openlik beskuldig dat hierdie uitsondering gemaak was alleen om die onderwyser in kwessie te bevoorreg omdat dit 'n rasgenoot was. [2])

Dis die rigting waarin sake toe reeds begin loop het. Kommentaar is onnodig.

Gedurende '93 het die skoolrol sy laagste peil bereik en in '94 is daar alweer 'n styging waar te neem. Tog was daar aan die end van '93 seker nie meer as die helfte van die kinders op skool wat, as die toename wat die laaste paar jaar onder Stiemens plaasgevind het sou deurgegaan het, daar onder normale omstandighede behoort te gewees het nie. In plaas van 12,000 was daar net 6,000. In '94 styg die aantal tot 6626 en soos te verstaan is, was Mansvelt daar baie mee ingenome en hy het wel drie paragrawe van sy rapport daaraan bestee. Hy sien egter goed dat nieteenstaande hierdie klein verandering ,,het aantal leerlingen in onze gesubsidieerde scholen niet in evenredigheid is met het aantal leerlingen van schoolgaande leeftyd in deze Republiek." Die vorige jaar het hy die redes vir hierdie verskynsel opgesom, maar toe het hy tot die ontdekking gekom dat die onbevredigende reëling van die onderwys van Engels ,,volstrekt niet de eenige of zelfs de hoofdoorzaak is. De hoofdoorzaak is bepaald gelegen in de schaarste van arbeiders onder onze boerenbevolking." Dit wil ons toeskyn dat Mansvelt toe vir die eerste keer die verslag van Dr. Vacy Lyle deurgelees het, want daar word die punt reeds haarfyn aangegee in 1878. [3]) Hy doen dit egter voorkom of hy dit uit eie ondervinding het (is dit waar dan tel dit nog meer teen hom, want dan meen dit dat hy Lyle se rapport glad nie eers gelees het nie, en dat hy by sy eerste inspeksiereis sy oë toe gehad het.) Hy was toe n.l. weer op 'n inspeksiereis gewees ,,teneinde zelf zaken op te neem." Die toestande wat die hoof van

[1]) Verslag oor '94, art. 13.
[2]) Het Kristelik Schoolblad, 14 Mei, 1895. Land en Volk, 27 Junie 1895.
[3]) Art. 28 van sy rapport van '78.

die Onderwys Departement toe vir die eerste keer raakgesien het was seker nie gerusstellend nie. Hy bereken dat daar minstens 5000 kinders in die Z. A. R. „in volslagen of byna volslagen onkunde opgroeien." [1]) Hierdie skatting van Mansvelt is baie matig, siende dat hy self 6,000 kinders uit die gesubsidieerde skole gejaag het of gehou het deur o.a. onbekwame onderwysers subsiedie te weier en geen ander in die plek te stuur nie, en ook deur nie tegemoet te kom nie aan die algemene eis vir meer Engels.

As verdere rede vir hierdie toestande gee hy nog „onkunde of onverschilligheid van de ouders, armoede, verdeeldheid op kerkgebied, ens." Dan het Vacy Lyle tog 'n baie verhewener opvatting van die Afrikaanse ouer. [2]) Ook S. J. du Toit het gedurende sy tydperk van aktiewe organisasie nooit iets in die lyn opgemerk, wat hy die moeite werd geag het om neer te skryf nie. Maar Mansvelt het na 2½ jaar pas uitgevind dat die helfte van die Republiek se kinders as barbare opgroei.

Die drie jaar van die Besluit van 1 Juli '92 was toe ook verby. Dit wou die snelinstromende uitlanderbevolking in die geleentheid stel om hulle kinders te laat onderwys op kondiesie dat hulle genoeg Hollands leer ter bevrediging van die Supt. Die toevoer van nuwe immigrante het nou reeds 1200 per week bedra. Tog was daar onder die besluit maar 5 skole met 153 leerlinge en die 5 was oor die hele Republiek versprei. Hy beskou die mislukking van die besluit die gevolg van stokery en onwil, wat gerig is op „het bolwerk onzer onafhankelikheid . . . . de handhaving der Hollandsche taal".

Die lid vir Johannesburg in die Volksraad het sterk geobjekteer teen hierdie uitlatings in die rapport van die Supt. en hy het aangehaal dat in die groter skole op die Rand tog Hollands geleer word, hoewel hulle geen subsiedie onder die wet trek nie. Volgens hom was dit ook weer die hoë eise wat die skole buite die wet gehou het.

Hier of daar moet natuurlik stukke in hierdie teenoorgestelde bewerings sit wat apokrief is. Die bewering egter dat daar 1,000 kinders is wat Hollands leer in skole wat geen subsiedie trek van die Regering nie en net 153 in die deur die Supt. so hoog-geprese Besluitskole, waarvan driekwart nie eers in Johannesburg is nie, skyn daarop te wys dat, tenspyte van die „Transvaal National Union", daar 'n via media moontlik moet gewees het, wat in baie opsigte

---

1) Verslag oor '94; art. 9.
2) Rapport van Lyle; artt. 1, 2, 3.

beter sou gewees het, dan die laat tot stand kom en aanmoedig van 'n opposiesieliggaam, wat eenheid en kombinasie sou bring in die verskillende losstaande Engelse skole, en wat, om Mansvelt se geliefde term te gebruik, werklik in anti-nasionale rigting sou kan werk. Die stigting van die „Witwatersrand Council of Education" met sy vaste Superintendent van Onderwys was 'n Imperium in Imperio, wat op die gebied van die onderwys reeds die twede uiting was van die onderstroom en wat sy parallel in die politiek baie gou sou kry. In hierdie geval was oorheersing heeltemal buite kwessie, maar in die politiek sou dit wees 'n „to be or not to be" en die vernietiging van Jameson se afdeling te Doornkop het 'n voorlopige beslissing gegee. Klagte omtrent die onderwysstelsel was een van die planke in die oproerstokers se platform gewees.

DIE KONSESSIES NA DIE INVAL.

Toe alles oor was, was daar nog 'n paar sake wat ontstaan het uit die beroeringe en wat toe aangepak moes word. Aan een van die deputasies wat President Kruger op die môre van die 30ste Des. '95 kom sien het in verband met die Johannesburgse onluste en toestande, en wat op sekere gegronde griewe gewys het, het die President beloof om sekere van die punte wat hulle opgebring het voor die Uitv. Raad te lê, ter oorweging. Van die vier punte [1]) was No. 2: —

„Gedeeltelyke subsiedie voor scholen waarin tot op zekere hoogte het Engelsch het medium van onderwys was".

Hierdie bewoording is nie baie gelukkig nie, want dit was al presies wat vasgelê was in die Besluit van 1892. Die doel was blykbaar om terme te erlang wat minder moeilik was om na te kom dan die artiekels van die genoemde besluit. Omdat dit ons nie geluk is nie om uit te vind wat die woordelike uiteensetting van die saak deur die deputasie was nie, kan ons moeilik vasstel in hoeverre die getroffe reëlings aan die oorspronklike versoek voldoen het. Die gevolg van die belofte van die President was dus skynbaar wet no. 15 van 1896, „Ter verdere voorziening in het Onderwys en de Opvoeding van Blanke kinderen op de Geproklameerde Goudvelden in de Zuid-Afrikaansche Republiek". [2])

---

[1]) J. F. van Oordt: aangeh. w; bls. 693.

[2]) Die wet is deur die Volksraad bekragtig in artt. 1088—1092 van 30 Julie, 1896.

Die aanhef omskryf die doel nader: —

„Nademaal het gebleken is, dat door de bepalingen in de wetten en Volksraadbesluiten, regelende het onderwys in de Z.A. Republiek, niet genoegzame voorziening gemaakt is voor de Opvoeding en het Onderwys der kinderen van behoeftige ouders en van vreemdelingen op de geproklameerde goudvelden, zoo wordt hierby bepaald".

In hierdie wet word die Uitv. Raad gemagtig, om, waar daar geen genoegsame voorsiening is vir die onderwys en opvoeding van blanke kinders nie, skoolgeboue en onderwyserswonings te laat oprig, kommissies van toesig en beheer te benoem, ens.

Waar die kinders Hollandssprekend is, sal die onderwys wees volgens die skoolwet, maar die leerplanne vir kinders van nie-Hollandssprekende ouders sal deur die Supt. van Onderwys vasgestel word, onder nadere goedkeuring van die Regering, maar dit moet wees in die gees en volgens die strekking van die Onderwyswet.

Dit sou dus word 'n sisteem van Staatskole vir die goudvelde, vir 'n groot gedeelte bedoel om tegemoet te kom aan arm ouers wat nie genoeg fondse besit om hulle kinders na die gewone skole te stuur nie.

Omdat die wet feitlik self net 'n mandaat aan die Regering is om regulasies op te trek en uit te voer volgens hulle beste insigte en volgens die gees van hulle instruksies is dit die regulasies wat in hierdie geval van die grootste belang is.

Soos in die wet aangegee mag die Regering kommissies van toesig of beheer benoem, maar dit was nie 'n sine qua non nie. Tog het hulle oorspronklik getrag om die kommissie die skeppende liggaam te laat wees. By die benoeming was invloedryke persone, wat deur die Regering geskik geag was, aangesoek om hulle met die werk te belas, en by toestemming aangestel. Die kommissie was egter nie vry om te handel nie, selfs nie eers in die keuse van sy sekretaris nie en sy status was gewoon adviserend. [1])

By die stel van die vereistes vir die onderwysers, het Mansvelt die groots-moontlike moeite gedoen om enige anti-nasionale element te ban. Behalwe sertifikate moes hulle o.a. 'n verklaring van persoonlike geloofsoortuiging aflê en beloof om kinders op te voed in eerbied vir owerheid en landswette, 'n verslag gee van hulle verblyf en werk na hulle sestiende jaar, bereid wees om hulle te laat naturaliseer (dit moes dus skynbaar Hollanders wees). Groot nadruk

---

[1]) Sien in verband hiermee die Star Weekly van 17 Des. 1898.

was gelê op 'n goeie kennis van Hoog-Hollands. [1]) Die salarisse was liberaal gestel en was deur die Goewerment betaal.

In die Engelse skole, wat onder hierdie wet van '96 sou opgerig word, moes daar in St. I een uur per week onderwys in Hollands gegee word (Mansvelt het nog kort tevore beweer, toe Afrikaanse ouers meer Engels wou hê dat geen *pedagoog van enige betekenis sou toestaan dat 'n kind vóór St. III meer dan één taal moet leer nie);* in Sts. II, III en IV sou die hoeveelheid snel toeneem en in V sou alleen Hollands as medium gebruik word. [2]) As die uitlanders aan hierdie skema wou vat was die Goewerment bereid om groot uitgawes in verband hiermee te doen, meer dan vir enige ander kind gedoen was. [3])

Hierdie wet was nie opgetrek om die besluit van '92 en sy wysiging in '93, wat betref punte van betreklik ondergeskikte belang te vervang nie. Dit was 'n nuwe wet, selfs wat sommige van die vernaamste grondbeginsels betref. In die Besluitskole tog was die skool onafhanklik van die Staat, het sy eie bestuur gekies, sy eie regulasies en leerplan opgetrek, sy eie onderwysers aangestel, en sy eie medium bepaal. Alleen was subsiedie uitgekeer vir kinders wat bevredigende vordering gemaak het — eers alleen in Hollands, maar later ook in Suidafrikaanse geskiedenis. — In die onderwyswet 15 van '96, was die kommissie deur die Staat benoem, later was daar gewoonlik nie eers 'n kommissie nie. Die onderwysers was deur die Staat uitgesoek, aangestel en besoldig. Die leerplan was deur die Supt. voorgeskryf en die skole sou met Hollands-medium sluit, waar die begin met Engels-medium was, terwyl hierdie skole in teenstelling met die Besluitskole, ook vir alleen Hollandssprekende kinders toegestaan was. Die besluitskole het dan ook langs en los van die staatskole van '96 bly voortbestaan.

Hierdie nuwe skole was, vergeleke met die Besluit, glad geen konsessie aan die Engelse bevolking of aan die vraag vir meer Engels nie. Die Engelse sou hier baie minder Engels kry dan onder die Besluit en teen die end byna niks nie. Al wat geriefliker was, was dat dit byna gratis sou wees — alleen 'n nominale skoolgeld sou gehef word. [4]) Dis te verstaan dat soos toestande destyds was, daar nie

---

[1]) De Volksstem: 14 Jan. '97.

[2]) M. J. Farelly: The settlement after the war in South Africa; bls. 48.

[3]) Verslag van die toespraak van Mansvelt in Barberton by die oprig van die eerste skool op die goudvelde, soos gerapporteer in The Press van 21 Nov. '96.

[4]) Mansvelt in aanspraak hierbo aangehaal.

die minste kans was dat die plan die welgemeende steun van die Engelse sou kry nie, sonder selfs te reken met agitasies in die gees van die „Transvaal National Union" en die kritiek van die „Witwatersrand Council of Education". Die feit dat die regulasies vir die hoofskap van die skole so gestel was, dat die keuse byna noodwendig op 'n Hollander moes val, was daar seker nie op bereken om die stelsel 'n goeie ontvangs te gee nie. [1])

DIE ALGEMENE VORDERING ONDER MANSVELT WAS LANGSAAM.

Die toename in die aantal leerlinge, wat in '94 begin het, was gedurende '95 weer minder snel; dit het byna stilgestaan, want '94 het geëindig met 6817 en '95 met 6883 leerlinge, hoewel die getal aan die begin van die jaar 7387 bereik het. [2]) Dit skyn moeilik te gaan om die vermindering gedurende die laaste kwartaal aan die Jameson-inval toe te skryf, want dit het te laat in die jaar plaasgevind.

Die verhouding van die aantal kinders van skoolgaande leeftyd buite die skool tot die daarbinne, stel die Supt. nou as 4 tot 1. M.a.w., die nasionale stelsel van onderwys het daar slegs in geslaag om 7,000 kinders in die skool te bring en nog 28,000 daar buite te laat. Hierdie laaste getal sluit nie in die groot getalle op skole wat nie subsiedie trek nie. Dr. Mansvelt se lys van oorsake vir hierdie wantoestand word steeds langer. In die wet self sien hy egter niks verkeerds nie.

Dit wil ons toeskyn dat Dr. Mansvelt van die stelling uitgaan dat die wet perfek is, en noudat die wet wat tog so nasionaal is geen bevredigende resultate gee nie, begin hy uitsoek wat verkeerd is, nie met sy wet of die uitvoering daarvan nie, maar met die volk wat nie reageer op die nasionale wet nie. Waar hy as oorsaak o.a. noem gebrek aan partikuliere inisiatief gooi hy feitlik sy eie wet om. Die wet tog is geheel en al gebaseer op partikuliere inisiatief, maar aan hierdie artiekel is daar gebrek. Die ouers is nog te dom om die waarde van onderwys, suiwer nasionale onderwys, te besef. Geen wonder dat sommige raadslede dit genoem het 'n belediging vir die volk. [3])

---

1) Star Weekly: 1-10-98.
2) Verslag van die Dept. v. O. oor '95; St. Crt. XVI, 828, van 29-4-96.
3) E. V. R. notule: art. 1110 van '96.

Mansvelt is nou klaar moeg vir die partikuliere inisiatief, dit gaan hom nie vinnig genoeg nie, en dis hom nou die vraag „of men terwille van een beginsel, hoe goed en hoe loffelyk ook in het afgetrokkene, zich aan het gevaar mag blootstellen van alles te verliezen door te veel aan 'particulier initiatief' over te laten." [1])

DIE ONDERWYSERS UIT DIE „BUITELAND".

Die onderwysersnood het toe ook baie groot geword. Vroeër was daar genoeg onderwysers vir 9,000 kinders, nou was die beperkings egter so dat daar vir 7,000 nog nie genoeg was nie, en daar het al heel wat onderwysers uit Holland aangekom. Dit was die enige plek wat mense kon lewer, wat geheel en al aan Mansvelt se eise voldoen het, hoewel hulle ook sekere aanvullingseksamens nie ontloop het nie. Die wet van '92 het die Raad van Eksaminatore min of meer oorgeneem soos dit was, maar reeds in Mei '93 is daar voorsiening gemaak vir aanvullingseksamens vir onderwysers met sertifikate uit die Kolonie en in '95 ook vir diplomas uit Holland. Die vernaamste vak vir Kolonialers was „Hollands", ook nog bybelgeskiedenis, vaderlandse geskiedenis, en dgl. Die Supt. egter, was skynbaar die beste tevrede met die uit Holland. Die opleiding daar was ongetwyfeld deeglik en op hoogte met die laaste ontwikkelinge op onderwysgebied. Mansvelt het in '96, nieteenstaande die herhaalde weiering, opnuut subsiedie vir kwalifikasies voorgestel, maar dis weer ontmoet met die standaard-argument van bang vir uiteindelike vervalling tot staatsonderwys, en afgekeur. [2])

Onder die baie memories wat steeds in verband met onderwyssake ingekom het, was daar hierdie keer een met die handtekening van 588 burgers, wat aansoek doen om onderwysers wat net tot St. II onderwys kan gee ook toe te laat. Die Supt. het egter reeds 'n ander plan om 'n sterker toevoer van onderwysers „uit het Buitenland", lees „Holland" te verseker. Hy het die Regering beweeg om wetgewing in te dien, wat hom in staat sal stel om die onderwysers, wat weens die groot reiskoste daarteen opsien om uit die „Buitenland" na die Republiek te kom, hierin tegemoet te kom deur dit vir hulle te betaal. Die magtiging was gegee in art. 1 van wet 14 van 1896 onder sekere voorwaardes, n.l. die gewone vereistes omtrent lidmaatskap van die kerk, gedrag, ens.; tewens moes

[1]) Verslag oor '95; Art. 25.
[2]) E. V. R. notule: art. 1110 van '96.

hy oorlê 'n „Behoorlik onder getuigen geteekende verklaring, dat hy gewillig en bereid is, naar vermogen mede te werken aan den opbouw van het Nationaal Onderwys in de Z. A. Republiek, waarvan de Protestantsch Christelyke geest. . . ." Verder moes hy hom verplig om na aankoms alhier drie jaar as onderwyser werksaam te wees, anders sou hy die aan hom betaalde reistoelae, tesame met die rente daarop moet terugbetaal. Van toe af het die stroom onderwysers uit die „Buitenland" sterk begin toeneem.

Onderwysers vir die staatskole op die goudvelde was ook dringend nodig en teneinde hulle in staat te stel om die taak weltoegerus te aanvaar, is reiskoste betaal vir onderwysers wat, komende uit die „Buitenland" eers by Engeland aangegaan het om op hoogte te raak van Engelse toestande.

Behalwe die bepalings re reiskoste, bevat wet 14 van 1896 ook nog verskillende ander wysiginge en byvoegings in verband met die reeds bestaande onderwys-wetgewing; o.a. sou toe 'n bydrae tot die helfte van die koste, vir skoolmeubels gegee word. Kommissies wat op hulle eie 'n goeie skoolgebou opgetrek het ontvang 'n toelae 8 persent per jaar nie te bogaande nie, om die interes op die gebruikte kapitaal te dek, en die skole wat reeds geld vir geboue van die Regering geleen het sal daar voortaan geen rente meer op hoef te betaal nie. Hierdeur was die sake vir die besture baie vergemaklik, want die bepaling van die wet van '92 waardeur besture moet sorg vir gebou en meubels het steeds die groot moeilikheid gewees by die stig van skole. Van hierdie veranderinge kon dus 'n gunstige invloed verwag word. Verder was bepaal dat aan skole van 20 tot 30 leerlinge oor drie of meer klasse verdeel 'n toelae van £ 3 per maand toegestaan sou word om 'n kwekeling in diens te neem. Hier kry ons dus byna die geval dat die Staat die kwekeling self betaal. Voorsiening word daarin ook gemaak vir die verskaf van losies aan kinders wat meer dan drie myl van die skool af woon, en besture van skole wat aan die wet voldoen kan vir sulke kinders 'n driemaandelikse toelae van £ 3 tot £ 6 ontvang.

Alles gaan dus steeds meer in die rigting van groter sentralisasie, sowel as staatskontrole en die heer Jeppe het dan ook al in die Raad voorgestel om kinders bo standaard III op koste van die Regering na sentrale skole te stuur, terwyl die heer Schutte opgemerk het dat dit eenmaal daartoe moet kom dat onderwys verpligtend gemaak sou moet word.[1])

---

1) E. V. R. notule: art. 151 van '95.

In die reëls vir die verkry van 'n Honorarium word ook verandering gebring. Inpleks van dat minstens 40 pCt. van St. III oorgesit moes word, was die mienimum verlaag tot 25 pCt. Die noodsaaklikheid om hierdie verandering aan te bring reflekteer maar sleg op die onderwystoestand en omdat tog 60 pCt. van die totaal aantal leerlinge in die skool moet deurkom, wys dit ook dat daar iewers iets, met die standaard vir oorgaan gestel nie in die haak moet gewees het nie. Die jare vir die verkry van 'n Honorarium by die laer onderwys was verander van 3, 10 en 15 tot 3, 6 en 10 respektieflik, terwyl die bedrae ieder £ 5 verhoog was.

Nog 'n belangrike puntjie wat die grondbeginsel van die wet van '92 aangaan, was in hierdie sitting besluit; in art. 1094 was die Regering opgedra om 'n konsep-wysiging op te trek van art. 2 van wet No. 8 van 1892 en om onmiddellik reeds die Supt. te magtig om reëlings te tref vir die gee van Katagetiese onderwys gedurende die skoolure. Dis heeltemal 'n afwyking van die Burgers-, du Toit- en Mansvelt-wette, maar wel in ooreenstemming met die suggestie van Burgers by sy grondwetswysiging in '77 en van Dr. Lyle in '78.

Die uitwerking van hierdie veranderings sou natuurlik pas die volgende jaar merkbaar word, want die wet is pas end Julie, '96 goedgekeur. Daar was trouens genoeg ander faktore om sake hierdie jaar nog te strem en Dr. Mansvelt kon sy lys van negatiewe faktore nog met drie vermeerder: —

1. Die nadraaie van die Jameson-inval.
2. Die dinamiet-ontploffing in Johannesburg.
3. Die runderpes.

en aldrie faktore kon nie anders dan vir korter of langer tyd die ekwilibrium merkbaar verstoor het. Die syfers vir die vier kwartale was dan ook 6797, 7218, 7840, en 6919 kinders respektieflik, wat op die kop dieselfde gee as die syfers van die vorige jaar. [1]) Dus stilstand. Tog rapporteer Dr. Mansvelt 'n toename van 600 leerlinge. In hier dieselfde verslag deel hy mee dat hy van nou af du Toit en Stiemens se hoë syfers nie meer jaarliks in die tabelle van die statistiek gaan invoeg nie aangesien die syfers onbetroubaar is.

Die ouderdom van die kinders op skool was hierdie jaar iets gunstiger:

---

[1]) Vgl. syfers in beide verslae: St. Crt. XVI, 128 van 28-4-96;; en XVII 895 van 19-5-97.

Ouderdom	1895	1896
van 6 tot 12 jaar	63.7 %	65.7 %
van 13 tot 16 jaar	29.2 %	27.4 %
bo 16 jaar	7.1 %	6.9 %

Dit word egter gedeeltelik verklaar deur die feit dat hierdie jaar baie van die groter kinders gebruik was as spesiale poliesie in verband met die teëgaan van die verspreiding van die runderpes.

Gedurig kla die Supt. nog oor die bedrog wat deur baie onderwysers gepleeg word in verband met die kwartaalstate. Dit was altyd die geval gewees en dit het nog steeds gebeur. Die stelsel het daar natuurlik baie opening voor gegee, want as 'n kind 45 dae op skool was dan kon hy die kwartaal vir subsiedie saamtel en was hy 44 dae daar dan sou hy nie tel nie, en wie sou uitvind of die onderwyser vir die hele kwartaal 'n strepie te min of te veel getrek het? Die beste het dit gewoonlik uitgekom deur die skoolbesoek gedurende die inspeksie te vergelyk met die ingelewerde state. Dan was die eerste sonder uitsondering baie ongunstiger. Opvallend in verband met die Supt. se bewering dat die ouers die nut van onderwys nie insien nie, — en hierby het hy duidelik gedoel op buitemense — is die feit dat die skoolbesoek vir buiteskole altyd baie beter was as op die ander. Hierdie jaar was die skoolversuim vir dorpskole 15 %, vir die op die delwerye 18% en vir die buiteskole maar net 8%.

Die swak onderwysers is nog nie almal uitgeskuif nie; heelwat is nog erkend gebly deur teëstand van die bevolking en deur gebrek aan plaasvervangers. Oor die afdank van ongeskiktes, voordat goeies voorhande was, was die Raad weer nie mee ingenome nie. Voorbeelde was die Supt. voorgehou van baie kinders wat toe sonder skool rondgeloop het oor die onderwyser afgekeur was. Dit skyn of Mansvelt se medisyne in sommige gevalle amper erger was as die siekte self en mens vergelyk daar telkens weer mee die simpatieke wyse waarop die kommissie van '73 en veral Dr. Lyle oor die onderwyser gedink het, en hulle voorstelle tot sy opheffing en verbetering. Van alle kante het klagte teen die Supt. ingekom oor sy streng handhawing van die wet en openlik was dit toe al vertel dat dit net was om maar Hollanders te kan inbring. In die Raad het die Supt. gemeen dat in antwoord op hierdie beskuldiging genoeg was om te sê dat van die 101 aansoeke om onderwysers net 15 absoluut 'n Afrikaner wou gehad het, m.a.w. hy het die reg gehad om 86 Hollanders te stuur. Kommissies het gewoonlik in hulle aanvrae om 'n onderwyser gesê aan watter nasionaliteit hulle die voorkeur gee.

Die veranderinge van '96 het 'n sneller resultaat gehad as wat mens sou verwag het. In '97 is ook nog 'n oorsaak bygekom wat snel saamgewerk het. By Uitv. Raadsbesluit is die Eerste-Volksraadsbesluit van '96 art. 1094 tydelik anders uitgelê om die onderwys aan te moedig, en hout en yster vir skoolgeboue en onderwyserswonings is deur die Regering gratis verstrek, terwyl die bestuur vir die oprig moes sorg dra. [1]) Mens kan nou ook sien dat die hoë syfers van Stiemens, Mansvelt tog taamlik laat dink het, want nou hy vir die eerste keer ook so hoog kom met sy statistiek begin hy sy verslag: — „Met een gevoel van dankbaarheid en blydskap kan ik UEd. mededeelen, dat het onderwys in het jaar '97, blykens de statistieke gegevens, zeer sterk is vooruitgegaan" en verder spreek hy met geen geringe selfvoldoening van die feit dat daar nou meer kinders in die skool is as ooit tevore in die geskiedenis van die Republiek. Die rol het n.l. in die vierde kwartaal 11,145 bereik, i.e. 'n vermeerdering van 4,226 op die getal van die laaste termyn van die vorige jaar of iets oor die 60 %. Dr. Mansvelt skryf die wonderlike toename vernaamlik aan die volgende maatreëls toe: —

(a) Die verleen van reistoelaes vir onderwysers uit die „Buitenland".
(b) Die betaal van losiesgelde om kinders by die skool te bring.
(c) Die verstrek van geld vir die aankoop van hout en yster vir skoolgeboue en onderwyserwonings.
(d) Die betaal van rentevergoeding op kapitaaluitgawes.
(e) Die oprigting van die staatskole op die goudvelde.

Maar dit was ook te danke aan: —

„De geestdrift en de veerkracht onzer buitenbevolking, die niet zyn ondergegaan onder de slagen en rampen, welke ons land hebben getroffen . . . . De alom ontwaakte begeerte naar onderwys en goed onderwys, en de daaruit voortvloeiende aanzoeken om ge-examineerde onderwyzers, welke nog steeds by my inkomen bewyzen dit." [2])

Die Supt. kom dus nou terug van sy ongunstige oordeel omtrent die eienskappe van die boerebevolking.

Behalwe die liberale subsiedie en die besonder groot aantal gratis leerlinge (daar was hierdie jaar nie minder as 2570 nie, i. e. byna 25 % van die gemiddelde vir die jaar; dus Landdroste, Veldkornette en Kerkraadslede het gesertifiseer dat 25 % van die ouers in die

---

[1]) E. V. R. notule: art. 178, 234, van '97.
[2]) Verslag oor '97: art. 4; in St. Crt. 976, XVIII van 5-5-98.

Republiek oud of gebrekkig en daarby nog onvermoënd is) meen ons dat daar nog 'n ander rede is wat die toestand baie beïnvloed het, en dis die Runderpes. Honderde van boere is daardeur gebreek. Omdat op baie plase geen bees meer oor was nie, was daar baie meer geleentheid om die kinders in die skool te sit en die noodsaaklikheid daarvan was ook baie meer gevoel. Baie het die moed opgegee en dorp-toe getrek — in baie gevalle arme blankes geword — en sodoende is ook baie kinders in die skole te lande gekom. Die aantal kinders in die skole van die distrik Pretoria is in 1897 sowat verdubbel.

Miskien is in verband hiermee ook nog van belang die feit dat Mansvelt daar nou toe kom om ongekwalifiseerdes op die dorpe voorlopig te erken op voorwaarde dat hulle kwalifiseer. Dit het ook geslaan op ongekwalifiseerde onderwysers uit Holland, want omstreeks hierdie tyd het Mansvelt, of sy komitee, in Holland 'n sirkulêre laat versprei, wat studente, wat in Holland vir die onderwyserseksamen afgewys is, aanmoedig om hier na toe te kom, omdat hulle hier baie goed gebruik kan word. [1]) Hulle moes dan ook later die eksamen hier doen. Die Kapenaars het beweer dat die eksamen waar dit die Hollanders betref het maar pro forma was, omdat hulle die bevoorregtes van die Supt. was.

By die sterk instroming van onderwysers uit die „Buitenland" het die Hollanderhaat wat reeds uniwerseel was, nog sneller toegeneem. Kapenaars veral was nie stadig om die handskoen op te neem nie — die politieke verhouding tussen die Kolonie en die Republiek was na die Jameson-inval weer baie verbeter — en het saamgehaat soveel as hul kon, want dit was die Hollanders by uitstek wat die Engelsgesinde neigings van eersgenoemdes soveel moontlik teëgegaan het, en hulle uit die onderwysstelsel uitgesluit het deur die stelsel van aanvullingseksamens wat Hoog-Hollands as hoofvak gestel het. Die inspekteurs — 5 uit die 6 was Hollanders — het hierdie teëstand in versterkte mate begin ontwaar. 'n Sekere seksie het begin skop teen die ongerieflike omstandigheid dat die taal van Nederland hulle sogenaamde landstaal was. Die onderwys in die Hollandse taal het deur hierdie bewuste teësin by die kinders en die Afrikaneronderwysers daar nie op verbeter nie, en die gebrek by daardie onderwys is „niet alleen aan onbekwaamheid, maar ook aan onwil te wyten, want sommige der onderwysers, die zelve niet hun opvoeding deur middel van de Hollandsche taal ontvangen

---

[1]) Rand Post: Maart '99: verslag van die kongres te Germiston.

hebben, blyven niet alleen in gebreke zich verder te bekwamen, maar bieden zelfs tegenstand door in de school plat Afrikaansch te spreken en den kinderen te vertellen, dat hun spreektaal — het Afrikaansch — eigenlyk hun taal is (in die Kaap het M. dit gedoseer) dus ook de taal der school, en dat ze het Hollandsch niet noodig hebben." Het Mansvelt dan uiteindelik iets anders verwag van „'n selfstandige volk met 'n eie taal", soos hy hulle self genoem het. Nou was die idee egter heiligskennis in die oë van die Supt., soos hy in die Raad meermaal laat blyk het. Hierdie opposiesie was baie algemeen en by sommiges het dit selfs sover gegaan dat hulle Hollanders verfoei en hulle kinders liewer in onkunde laat opgroei het, dan om hulle deur die nasie laat onderwys het. [1])

Die godsdiens en sede van sommige Hollanders was nie soos hier verlang was nie. Die van die N. Z. A. S. M. was op hierdie gebied, vir 'n taamlike gedeelte van nie al te hoë merk nie. Die naam van die Hollander het in die verband spreekwoordelik geword. Nieteenstaande gesertifiseerde verklaring van persoonlike geloofsoortuiging en al dgl. dokumente wat Hollandse onderwysers uit die „Buitenland" komende, moes voorlê, het dit in enkele gevalle geblyk dat dit tog geen absolute waarborg was vir sedelike gedrag of opgevoede taal nie, en die boer, wat in hierdie opsig anders aangelê was dan baie van daardie ou tiepe, met wie hy in aanraking gekom het, was dus steeds geneig om hom as 'n minderwaardige produk te beskou. Die Engelsman het die Hollandse taal en die Hollander natuurlik nog op baie sterker gronde verag, veral na Mansvelt se s.g. pogings tot ver-Hollanderisering van die Engelse kind. [2])

Die opvatting omtrent Hollanders en die Hollandse taal was by Afrikaners en Engelse dus taamlik eners, met verskillende motiewe. Temidde van die daagliks toenemende stroom van misnoë het Mansvelt onverstoord sy ingeslae weg vervolg.

Om sentralisasie en doeltreffendheid van die onderwys te bevorder het Mansvelt aanbeveel om skooltjies van minder dan 10 leerlinge nie langer subsiedie toe te ken nie, want soms het goeie onderwysers daar liewer gebly dan na 'n groter skool te gaan waar hulle miskien 30 kinders kon onderwys. Aan hierdie skooltjies was kort tevore nogal ekstra-subsiedie toegeken deur die Raad. Hierdie

---

[1]) Land en Volk: 10 Aug. '98.
[2]) Star Weekly: 10 Des. '98.

voorstel het tewens die gronddoel van die du Toit-wet, wat ook oorgeneem is in die van '92 n.l. die bring van die onderwys tot die mense in die versafgeleë distrikte, regstreeks aangetas, en die Raad wou daar dus nie op ingaan nie.

Dat daar, temidde van die strewe om meer solidariteit te kry, nog baie min vordering in die rigting gemaak was, blyk duidelik uit die feit dat gedurende '97 die hele jaar oop was 148 skole, gesluit is 104, opnuut geopen is 193, geopen en gesluit is 26, in die geheel bestaan het 471 en aan die end van die jaar bestaan het 341.

DIE STAATSKOLE OP DIE GOUDVELDE.

Met die staatskole op die goudvelde was daar nog maar baie min vordering gemaak, hoewel die wet al op 30 Julie 1896 aangeneem was. In Barberton het die mense gou daaraan gevat, maar op die Rand het dit moeiliker gegaan. Na heelwat moeite en ekspediesies was die Supt. daarin geslaag om 'n paar invloedryke Johannesburgse Engelse oor te haal om hulle as bestuur te laat benoem. Toe hulle self hulle sekretaris wou kies, wou Mansvelt dit egter nie toestaan nie; en omdat dit hulle ook al duidelik geword het, dat hulle absoluut geen mag sou besit nie en dus feitlik alleen moes dien om kinders te lok en die mense die skema te doen aanneem, het hulle en bloc bedank, en die Supt. het sy gang gegaan sonder 'n kommissie. Eén van sy eerste stappe was om — N.B. die doel van die wet was om aksie te neem waar daar geen genoegsame of glad geen voorsiening was vir onderwys van blanke kinders van behoeftige ouers of vir kinders van inkomende uitlanders op die goudvelde — die skool van reedsgen. onderwyser X — daar was 100 kinders in — te verander in 'n staatskool en Mnr. X wat al vroeër „vir nasionale doeleindes" grond en 'n gebou toegeken was, 'n salaris te verseker £ 500 per jaar plus nog £ 180 as woningstoelae, i.e. £ 680. Dit was dus heeltemal in stryd met die doel van die wet, want hierdie stap was nie vir behoeftige kinders nie, en ook nie ten eerste vir kinders van uitlanders nie. Was daar later nog 'n groot toestroming van arm kinders gewees dan sou die handelwyse van agter af miskien nog te vergoed gewees het, maar na 'n jaar het die aantal geval van 100 tot 70. Wie dink hierby nie onwillekeurig aan Hofmeyer se gesegde nie. Die Volksraadslede het trouens ook reguit gesê dat dit alleen gedoen was om X te bevoordeel. [1]) Met uitsondering van

[1]) E. V. R. notule: art. 897 van '98.

hierdie wetsoortreding was daar maar net 'n honderd kinders in die skole onder die wet; sowat 75 in die te Barberton, en omstreeks 20 in 'n skooltjie op die Union Ground in Johannesburg, met Engelse medium. Nieteenstaande hierdie ontmoedigende begin, was die Supt. nie wanhopig nie en hy spreek die verwagting uit dat die skema 'n sukses sal word.

Die Hollandssprekende publiek het die skole teengewerk, ook die Kerk het daar regstreeks teen geagiteer, sowel as teen die hele wet van '92. Ons moenie vergeet dat die meeste predikante Kapenaars was nie, b.v. Di Kriel, Bosman, Neethling, ens. Die Dopperkerk was hier 'n uitsondering op. [1]) En tog sou die Supt. se optimisme miskien nog nie al te teleurgesteld uitgekom het nie, was daar nie die onderstroom op politieke gebied, die Rhodes-Chamberlain-intriege gewees nie, wat aan sake 'n ontydige of vir sekere persone miskien wel tydige end gebring het, want aan die end van die volgende jaar, '98, was die aantal skole aangegroei tot 7, met 26 onderwysers en 673 kinders. 'n Sterker bewys dat die skema miskien nog meer sukses sou hê, was die sterk aanvalle deur die Engelse in toesprake en in die pers gemaak teen diegene, wat van die aanbod gebruik gemaak het. Vernaamlik het die kritiek hom gerig teen Revd. Crewdson, wat sy Wesleyaanse skool, op die moment, wat die „Council of Education", Witwatersrand byna op sy laaste bene gegaan het, onder die nuwe skema gestel het. In 'n inleidingsartiekel gee die Star [2]) 'n vreeslike portret van die gedrogte wat die resultaat sal wees van hierdie half Engelse, half Hollandse opvoeding; daar skemer egter tegelykertyd in deur dat die Engelse die val van hulle eie stelsel verwag. [3])

Die „Council of Education" se fondse was destyds baie skraps en hulle kon hulle skole maar uiters kleine toelae gee. Die aksie en agitasie het toe in die Engelse kringe nog sterker toegeneem, toe daar 'n kans was dat die solidariteit van die Engelse in verdrukking gebreek sou word. Die wet van '96 met sy ruimskootse geldvoorsiening het sake verhaas.

DIE BESLUITSKOLE.

Die Besluitskole van 1892 het ook nog bestaan en gewoon deur-

---

1) Sien o.a. Rand Post: 24-2-98. Het Kerkblad van 11-1-98. E. V. R notule art. 593 van '98.

2) Star Weekly: 24-9-98.

3) Sien onder Council of Education W. W. Rand, vir die gevolge van hierdie wet.

gewerk. In '95 is die Besluit, wat net vir drie jaar was, weer vir een termyn verleng, en dit is ook herhaal in 1898. Die stelsel was reeds van die begin af — ons het die redes al aangetoon — 'n mislukking. In '97 is vir hierdie skole aan subsiedie uitbetaal £ 1106 vir laer en £ 60.—.15 vir middelbare subsiedie, en omdat die subsiedie £ 4 en £ 5 per jaar per kind respektieflik was, kan die aantal kinders dus omstreeks 250 gewees het. In '98 het die aantal tot 350 gestyg. Die Inspekteurs was oor die algemeen maar sleg ingenome met die gees in hierdie skole. Die Hollands was volgens hulle alleen maar geleer om 'n bietjie subsiedie te verdien en met geen verhewener doel nie. Hierdie selfde opmerking was omtrent die staatskole gemaak: iets wat wel te verstaan is deur die aktiewe teenstand. [1])

DIE MEDIUM EN TAAL-KWESSIE.

Die vraag om meer Engels onder die Afrikaanse mense het nog glad nie opgehou nie en was netso sterk soos voorheen. Mansvelt was egter 'n ander opienie toegedaan en hy wou die lede van die Raad die vorige jaar ook al dieselfde ding wysgemaak het, want toe het hy met blydskap meegedeel dat uit die 11,620 kinders slegs 2,329 Engels leer en dat daar lank nie orals gebruik gemaak word van die vryheid wat die wet in die *vier hoogste klasse vir onderwys in Engels* laat nie. Hy verwelkom dit as 'n teken dat die onnasionale denkwyse nou tog sterk begin afneem. Maar hierdie syfers, wat hy gee, sowel as die deduksies wat hy daaruit trek is in hoë mate foutief en dit kan nie anders as misleidend werk nie. Tegelyk tabelleer hy tog dat daar 56.7 % van die totaal kinders in St. I is en 24.4 % in St. II; dus tesame 81.1 % van die 11,620 en hierdie mog volgens wet nie Engels op skool leer nie; daar bly dus 18.9 % oor in die vier hoogste klasse wat dit wel mag neem en dit werk uit op sowat 2196. Dus net 2196 mog volgens wet Engels onderwys word en tog het 2329 kinders Engels geneem. Hierdie teenstrydige syfers mag miskien ontstaan deurdat in die een geval gemiddeldes en vir 'n ander 'n eindsyfer geneem is; in alle geval dit kom meer dan duidelik uit dat in '97 sowat elke kind, wat Engels mog neem, dit gedoen het, en as daar werklik gevalle was van kinders bo St. II wat nie Engels geleer het nie, dan moet dit gedeeltelik verklaar word uit die feit dat tweetaligheid geen vereiste en selfs nie eers as 'n gewenste genoem was nie vir onderwysers, wat 'n reis-

[1]) Verslag van die Dept. v. O. oor '98.

toelae ontvang het om uit die „Buitenland" na die Republiek te kom, en daar was in werklikheid heel wat van hulle, wat geen Engels geken het nie. Dus waar so een op 'n skool gekom het, moes die kinders groot word sonder 'n woordjie Engels te ken. Dit was natuurlik presies Mansvelt se ideaal vir die plaaskinders, net één taal deeglik leer! Volgens Mansvelt se eie syfers is hierdie advies glad nie gevolg nie. Dit bly natuurlik 'n moeilike probleem om 'n kind wat twee of drie jaar skoolgaan twee tale so te leer dat hy daar praktiese nut van het.

Die beperking dat in St. III 3 uur Engels en in St. IV, V en VI 4 uur per week sou gegee word, was in baie gevalle in die praktyk al opgegee en dit ten koste van die onderwyser. Die mense wou hulle kinders uit die skool neem, hulle stuur na 'n plek waar meer, of alleen Engels onderwys word, maar word dit gedoen, dan verloor die onderwyser 'n groot deel van sy salaris, en daarom het baie van hulle ekstra tyd skoolgehou om in daardie ure die verlangde Engelse onderwys te gee. Toe daar in '92 138 memories met 3872 handtekenings voor die Raad kom en o.a. versoek om meer Engelse onderwys, het die memoriekommissie daarop gewys dat die onderwysers *minstens* 5 uur per dag onderwys moet gee, maar dat hulle darem ook 'n bietjie langer kan werk, en dit word aanbeveel dat hulle voortaan 'n uur ekstra moet werk en dat daardie tyd aan die Engelse taal bestee moet word. Hierdie aanbeveling was aangeneem. [1]) Hoewel dit nie uitdruklik gesê word nie, meen ons tog dat bedoel word 'n uur ekstra iedere dag, en dit sou die sake natuurlik radikaal verander, want die tydverdeling sou dan word: Engels in St. III 8 uur per week, in St. IV, V en VI 9 uur per week — by eenmanskole werk dit ongunstiger uit. Dit was natuurlik in regstreekse opposiesie teen Mansvelt en die Regering se idee in; miskien is dit daarom dat ons nie kan konstateer dat dit as wet ingevoer is nie, wel het baie onderwysers ekstra les in Engels gegee, maar hulle was steeds onder die indruk dat hulle dit vrywillig gedoen het. So skryf Geo. M. Hofmeyer dan ook in die Vereniging van Sept. '98: —

„Vinden we niet, dat op vele plaatsen de onderwyzers, behalve de door de wet vastgestelde schooluren, een half uur ekstra per dag onderwys geven en wel in de Engelse taal."

En dat ook op baie ander maniere in die behoefte voorsien is, blyk uit die volgende van dieselfde skrywer: —

---

[1]) E. V. R. notule: art. 19455 van '98.

„Ik weet van vele Transvaalse ouders, die de belangen van hun kinderen verstaan, die private scholen op hunne plaatsen aanhouden, en dan hun kinderen naar den K. K. of O. V. S. zenden, net omdat zy overtuigd zyn dat de opvoeding daar verschaft, beter berekend is om hun kinderen tot de stryd des levens toe te rusten. Andere ouders laten hun kinderen op een private school eerst degelyk in het Engels onderwyzen en zenden ze daarna naar de gesubsidieerde scholen."

Daar het dus geen verandering in die publieke opienie omtrent hierdie saak gekom nie. Tog was die vooruitgang van die onderwys in '98 ruim so goed as in die vorige jaar, want hierdie jaar het gesluit met 15,512 leerlinge; 'n vermeerdering van 4367 op die vorige en tenspyte van die feit dat die eerste rede wat Mansvelt die voorgaande jaar gegee het voor die vooruitgang, n.l. die inkom van onderwysers uit die „Buitenland" hierdie keer byna opgehou het om te werk. Die onderwysers uit Holland was hier sleg behandel en Mansvelt is daar baie verontwaardig oor en in sy verslag deel hy ook aan die Raad mee, dat om genoemde rede nie baie onderwysers meer uit Nederland kom nie, en dan kom iets aan die adres van die Raad self; die behandeling wat daardie nasionaliteit alhier te beurt val is n.l. so sleg dat „Zelfs de Superintendent niet gespaard wordt door de vertegenwoordigers des volks." [1]) Maar hy hoop dat „'t loffelyk getuigenis van vele Transvaalsche burgers nog andere Hollanders zal overhalen tot ons te komen."

Die aanvraag om en die voorsiening van onderwysers is in verband met die bostaande weer belangrik: —

Nasionaliteit.	Gevra.	Verskaf.	
		Gesertif.	Ongesertif.
Transvaler	4	1	
Tvler of Hollander	10		
Afrikaner	16		1
Afr. of Hollander	15		
Hollander	15	15	
Engelsman of Holl.	1		
Onversk. watter	40		
	101	16	1

Dit skyn dus dat nog alleen die wat Hollanders gevra het 'n kans gestaan het om deur die Departement gehelp te word. Eienaardig

[1]) Verslag oor '98: art. 9.

dat daar in Holland, vanwaar net 15 onderwysers gevra word uit 101 aansoeke, 'n propagandakommissie bestaan het, wat onderwysers aangewerf en direk met Mansvelt onderhandel het, terwyl hier in die land — Suidafrika — waaruit 86 verlang was so'n liggaam nie bestaan het en ook nie opgerig is nie.

Belangriker middels om die vooruitgang aan te moedig het geblyk die verskaffing van hout en sink — gratis — vir skoolgeboue en onderwyserswonings, die liberale toelae vir gratis leerlinge en die losiestoelaes. Aan hout en sink is nie minder dan £ 19,350-19-5 uitbetaal nie, wat seker voldoende sou wees vir goed 150 skole — ons neem aan dat die woningbou nog gering was — en akkomodasie kon verskaf aan omstreeks 3000 kinders. Die aantal gratisleerlinge het egter onrusbarend toegeneem en die persent was hierdie jaar 37.2 van alle leerlinge; dit was aan die end van '98 dus 5,770 leerlinge teen sowat 2,570 vir die vorige jaar. Ook was daar nou 2,200 losiesleerlinge teen 600 die vorige jaar en toe was daar al gekla deur die Supt. oor die baie bedrog wat daar plaasgevind het.

Hoewel dit offisieel geen staatsonderwys was nie, het deur die algemene bedrog, die staat tog uiteindelik by ver die grootste gedeelte betaal, miskien wel tussen 90 en 95 %. Die totale uitgawe vir onderwys het natuurlik verskriklik snel gestyg en waar dit in '97 maar £ 97,683-19-10 was, het dit nou opgeloop tot £ 226,416-4-8, dus sake begin heeltemal uit ewewig te raak. Hierdie algemene vermors van geld kon straffeloos gedoen word, nie omdat die boere toe beter belastingbetalers was as in Burgers se tyd nie, maar omdat alles gewoon gedek is deur die groot opbrings van die myne. Dat daar werklik wel geld vir onderwysdoeleindes deur die bevolking self kon betaal word sonder al die leuens en valse ede, blyk uit die groot bedrag, wat deur die bevolking in die vorm van skoolgelde bygedra is gedurende die Burgerswet, en ook gedurende die eerste ruk van die Superintendentskap van du Toit, terwyl sake werklik op finansiële gebied sleg gestaan het.

AFRIKANER VERSUS HOLLANDER.

Sake het toe vinnig begin gaan in meer dan een rigting. Op skoolgebied sou die stryd tussen Hollander en Afrikaner gou na sy kliemaks gaan. Begin '98 het belangrike liggame die Afrikanersaak opgeneem. Die Algemene vergadering van die Nederduits Hervormde of Gereformeerde Kerk het hom nou met die onderwyskwessie aktief ingelaat. Die aanvullingseksamens wat die Kapenaars buite

die Republiek gehou het, was een van die sterk griewe van die opposiesie. [1])

Deur die „Burgermacht Congres", te Heidelberg gehou, was 'n memorie gesirkuleer versoekende o.a. wysiging van wet 15 van 1896, die aanstelling van Afrikaners as inspekteurs en meer geleentheid vir Engelse onderwys op die skool. Die objeksie teen die staatskole op die goudvelde was, dat onder hierdie wet die inisiatief en die beheer van die skole uit die hande van die ouers en die kerk was geneem, wat in stryd was met die Algemene Skoolwet. Daar word dus gevra dat by hierdie skole die inisiatief en die beheer ook in die hande van die ouers en plaaslike liggame gestel sal word, Die ander kant het egter gou gesien dat hierdie memorie die begin van die end kan word — en daarom is deur die kant dadelik begin met 'n teëmemorie — dit was destyds die gewoonte om ongewenste memories met 'n memorie van diametries teenoorstaande inhoud lam te slaan. Daardie memorie vra o.a. om wet 15 '96 nie te verander nie „teneinde de Regering in de gelegenheid te stellen en de werking ervan na te gaan, en vooral ook de uitlanders een hunner voornaamste zoogenaamde grieven te ontnemen." Omtrent die Hollandse inspekteurs is die twede stel memorialiste wel versigtig, en hulle vra natuurlik nie om Hollanders as inspekteurs aan te stel nie, maar wel „doelmatige opleiding van landskinderen tot onderwyzer opdat *ook uit hen* (ons onderstreep) mettertyd bekwame inspekteurs van scholen kunnen voortkomen". Verder het die twede memorie aanbeveel om die skoolwet te handhaaf soos dit staan.

Mansvelt het gemeen dat hy hom aktief teen die eerste memorie moet versit en *hy het selfs in die pers daaroor geskryf en die memorie afgekeur* — of dit wys was van 'n hoofamptenaar om so te handel in verband met 'n memorie, wat 'n direkte aanklag teen homself en sy stelsel inhou, wil ons nie beoordeel nie — want die doel daarvan was om die bestaande stelsel van onderwys „onderste boven te keren", en daarom waarsku hy — d.i. Mansvelt — alle „goedgezinden" om die memorie nie te teken nie en ook vra hy „welgezinde" blaaie —hierdie aanhalings is uit Land en Volk van 4 Mei '98 — om sy brief oor te neem. Uiteindelik het die teëmemorie tog die dag gewen, want die aantal handtekeninge daarop versamel was 4338, terwyl die oorspronklike net 3872 gekry het. Daarom is daar geen gevolg gegee aan die vernaamste punte in die memories

---

[1]) De vereeniging: Verslag van die algemene vergadering van 1898.

vervat, met uitsondering van die ekstra uur Engels wat ons reeds aangehaal het. Hierdie oorwinning het Mansvelt se posiesie niks veiliger gemaak nie, want die ander kant het toe pas werklik aktief begin word en . . . . selfs vóór hierdie memories voor die Raad was, moet daar al volgens 'n verklaring van één van die lede 'n memorie in omloop gewees het, wat versoek om die Superintendent van Onderwys te ontslaan. [1])

Die volgende stap in die ontwikkeling van die opposiesiebeweging was 'n onderwyskongres deur die anti-Hollander-party te Germiston samegeroep in Maart '99. In die sirkulêre was Afrikaanse onderwysers en verteenwoordigers van skoolbesture uitgenooi. Dit skyn egter of die uitnodiging nie aan alle onderwysers gestuur is nie, [2]) en die verteenwoordigers was oorwegend die rigting van die oproepers van die Kongres toegedaan. Onderwysers mog hier nie stem nie, waarskynlik om sodoende 'n beter weergawe te kry van die publieke opienie, maar dit rym nie heeltemal met die feit dat hulle tog sonder restriksies na die Kongres uitgenooi was. Al die punte uit die eerste memorie is hier weer volledig behandel en baie van die wandade van die Dept. van Onderwys opgehaal, o.a. deur Advokaat Crots. [3]) Die resultaat van die genoemde Kongres was weer in die gees van die memories, maar hulle besluit het tewens die vermeende kwaad in die wortel wil aantas, en 'n deurtastende resolusie, voorgestel deur B. J. Vermaas—A. Pretorius, was aangeneem. Dit het aangedring op reorganisasie van die Dept. van Onderwys en van die onderwyspolitiek, proteksie van Afrikaanse onderwysers, ontslag van die Supt. en veranderinge in die Gimnasium, m.a.w. die afskaffing van die Hollander-oorheersing. Of die gemaakte bewerings en beskuldigings in alle gevalle op feite gebaseer was, doen aan hulle invloed om 'n uiteindelike resultaat te bewerkstellig baie min af of toe. Dit was gebaseer op 'n aanspraak van die Afrikaner op sekere regte in sy eie land en 'n uitkoms van die uniwersele Hollanderhaat in die Republiek. Hiervan is op handige wyse deur eg-Transvaalse, ook deur die Kapenaars en Engelsgesindes, gebruik gemaak en hierteen sou geen Hollanderoorheersing, hoe reg of verkeerd, hoe nasionaal of on-nasionaal ook, ooit die stryd kan wen nie.

Die antwoord van die ander party, teneinde die beweerde een-

---

[1]) (A) Gedenkboek.: bls. 23.
[2]) Die Volksstem: 1-6-99.
[3]) De Rand Post: 30-3-99.

sydigheid van die Germistonse Kongres aan te toon, was 'n teëkongres, gehou in Pretoria, in die twede week van Junie. 'n Groot punt was daar hierdie keer van gemaak om alle onderwysers en besture van skole wat onder die onderwyswet geval het, in kennis te stel, en 'n groot aantal verteenwoordigers het dan ook in Pretoria versamel. Kontrowersiële punte is hier opnuut bespreek en daar was opvallend baie, wat die Dept. verdedig het, hoewel die ander kant ook sterk verteenwoordigers gehad het. Op die laaste moment, net voor die sluiting van die Kongres, het die voorsitter die volgende voorstel: Roos-du Plessis, voorgelees: —

„Het Kongres gevoelt zich gedrongen zyn volle vertrouwen in de Superintendent en zyn Secretaris uit te spreken, omdat zy steeds het belang der. landskinderen op het oog hadden". [1])

Mnr. Geo. M. Hofmeyer het daar heftig teen geprotesteer dat die voorstel op die laaste moment, sonder die minste kennisgewing, terwyl al baie van die mense weg was, opgebring was, en temidde van die grootste wanordelikheid het die voorsitter die voorstel aangenome verklaar met 300 teen 30 stemme. Die getalle lyk wel iets op 'n skatting, maar sal seker wel tennaasteby die verdeling van die aanwesiges tenopsigte van die punt in kwessie weergegee het, want in 'n kritiek op die prosedure, in die Volkstem van 21 Junie e.v. weerspreek Hofmeyer die syfers nie.

Hierdie kongres het ongetwyfeld die indruk gemaak van 'n groot oorwinning vir Mansvelt en de Jonge — die sekretaris. Die laaste het egter die voorbeeld van sy hoof gevolg en in die pers 'n skerp artiekel geskryf, waarin hy die predikante, wat geen geringe faktor uitgemaak het in die bestaande pro-Afrikaanse onderwysstroom, o.a. van Engelsgesindheid beskuldig het. Dit het daar hier natuurlik weer niks af of toe gedoen of hy reg was of nie. Hoe meer hy reg was hoe gevaarliker dit vir hom was. Die geleentheid is nie ongebruik verbygegaan nie en 'n memorie, geteken deur 114 persone, is by die Eerste Volksraad ingedien, versoekende die ontslag van die Sekretaris van die Dept. v. Ond. Die antwoord van die kommissie, wat die memorie behandel het, aan die Raad daaromtrent, was dat aangesien De Jonge as amptenaar, deur misbruik van sy posiesie, hom gehaat gemaak het, hy behoort ontslaan te word. [2]) Met 13 teen 12 stemme het die Raad die aanbeveling goedgekeur en die Regering in die gees instruksies gegee.

---

[1]) De Volksstem: 14-6-99.
[2]) E. V. R. notule: art. 1190 van 1899.

Hierdie keer was die oorwinning aan die ander kant en 'n begin was gemaak met die uitvoer van hulle eise.

Die loop van gebeurtenisse op politieke gebied het egter die voortsetting van die beweging onmoontlik gemaak, en ook verdere aktiwiteit van die kant van die organiseerders van die Germistonse kongres verhinder. Geen onderhandelinge of konsessies kon die Engelse doel op die goud van die Rand keer nie en op 11 Febr. 1900 het die oorlog uitgebreek.

DIE ONDERWYS GEDURENDE DIE OORLOG.

Die onderwysstelsel, administratief, sowel as wat die aktiewe onderwys betref, was al gou verlam, want baie onderwysers sowel as van die amptenare van die administrasie was op kommando. Waar moontlik het die onderwys nog sy gewone gang gegaan en na die Septembervakansie is daar in die distrikte 'n hele paar skole weer geopen, maar in Pretoria self is die meeste van die groter skole gesluit. Pas in Mei 1900 was in Pretoria weer plan gemaak om die kinders, wat al lank rondgeloop het weer 'n bietjie onderwys te gee en in die Modelskool is seuns, en ook meisies van die Hoër Meisiesskool tesame gebring en 'n aanvang is weer met die werk gemaak, slegs om binne 'n paar weke by die inname van Pretoria — 5 Junie 1900 — weer verstoor te word.

Van gereeld inhandig van statistieke of uitbetaal van salarisse was al gou geen sprake meer nie, en gaandeweg is alle kindermateriaal van die platteland weggery na die kampe, waar langsamerhand die begin gemaak is met die onderwys onder die nuwe regime wat die Republiek sou vervang. Aan die end van die oorlog was daar in die kampskole 17,000 Transvaalse kinders en in die dorpskole 10,000, wat ons dus 'n totaal gee van 27,000 kinders van skoolgaande leeftyd, wat die kampe oorleef het. As ons daarby nog tel die 10,000 kinders van skoolgaande leeftyd, wat in die kampe omgekom het, dan kry ons meteen 'n idee van die onbevredigende toestand van die onderwys selfs onder die beste dae van die wet van '92, toe daar 15,000 kinders in die skool was.

Met die Vrede van Vereeniging op 31 Mei 1902, was Dr. Mansvelt se administratie, pas offisieel afgeloop; in werklikheid begin die nuwe stelsel wat in die kampe 'n aanvang geneem het reeds 'n hele paar kwartale vroeër en lê 31 Mei reeds diep daarbinne.

MIDDELBARE ONDERWYS IN DIE S. A. REPUBLIEK.

1892—1900.

A. DIE STAATSGIMNASIUM.

Wet 8 van 1892 bepaal in art. 1c — hierdie art. gee die grondbeginsels aan — dat die Regering sy bemoeiing met die onderwys sou beperk tot: —

„Het stichten van eene Inrichting voor Hooger (lees Middelbare) Onderwys, *voornamelyk ter opleiding van ambtenaren en onderwyzers* (ons onderstreep) volgens hieronder te noemen bepalingen".

Wat ons onderstreep het was dus volgens die wet die hoofdoel. Dis waar dat Mansvelt hierdie art. uit die wet van '82 oorgeneem het, maar dit is tog geen geldige rede om dit in die werklikheid te verwaarloos nie. Dat die aangehaalde nie Mansvelt se eie idee was nie blyk al dadelik uit die „hieronder te noemen bepalingen" wat volg in artt. 46—69 van genoemde wet. Hier word die doel as volg gestel, en belangrik is wat nou vooropgestel word: —

„(a) de voorbereiding van jongelieden tot het eigenlyk universiteitsonderwys;
(b) de wetenschappelyke vorming van jongelieden voor staats-, handels- en rechtsgeleerde betrekkingen;
(d) de opleiding van wetenschappelyke landbouwers;
(e) de opleiding van onderwyzers."

Die hoofdoel volgens die grondbeginsel het dus na 'n baie lae posiesie afgedaal.

Hierdie Gimnasium, wat opgerig moes word, sou die bestaande Opleidingskool vervang. Waar Dr. Knothe dit noem „het eerste resultaat van deze resolutie", [1]) — n.l. die besluit van 1889 om 'n Uniwersiteit in Pretoria te stig — dwaal hy. Want reeds in 1889 het daar 'n Staatsgimnasium bestaan en van hierdie inrigting was die doel ook om tot 'n uniwersiteit te lei, maar Mansvelt het gemaak dat die plan „voorshands opgegeven is."

Dis weer 'n eienaardige sameloop van omstandighede dat die jaarverslag van die Kuratorium van die Opleidingskool, sedert 'n paar jaar ook al Gimnasium genoem, wat in vorige jare gewoonlik baie gunstig was, nou ineens uiters onbevredigend is en die refleksie

[1]) Zuid-Afrikaansche Akademie, Jaarboek IV, 1913; bls. 105.

val vernaamlik op W. Louis, die hoofonderwyser, want daar word gekla dat die organisasie van die inrigting nie perfek was nie, en ewemin die oorplasing van een standerd na die volgende.

Mansvelt het in '92 na Nederland vertrek en as een van die groot redes van sy besoek het hy genoem die aanwerf van personeel vir die Gimnasium. As rektor het hy aangewerf, H. Reinink, wat kort daarop gedoktoreer het en onmiddellik na die Transvaal vertrek het. [1]) Omtrent Julie '93 het Dr. H. Reinink in Pretoria aangekom en begin Augustus van dieselfde jaar [2]) is die eerste toelatingseksamen, wat volgens wet gebaseer moes wees op „Standaard VI van het lager en middelbaar onderwys", afgeneem. Die heer W. Louis, voorheen rektor van die opleidingskool of Gimnasium, het by die aankoms van die nuwe rektor die pos van dosent onder laasgenoemde ingeneem.

By die eerste toelatingseksamen het 23 kandidate geslaag. Hierdie kandidate het vir 'n groot deel bestaan uit leerlinge van die ou Opleidingskool. Hierdie klein aantal wat in '93 geskik was om aan eise, feitlik in '82 al gestel, te voldoen, wys dat die standaard onder Louis werklik nie so hoog was nie, veral as 'n mens in aanmerking neem dat die Opleidingskool, wat die Voorbereidingskool ingesluit het — vir die laaste was daar ook 'n toelatingsvereiste gestel — omstreeks 200 leerlinge getel het.

Aan die ses kandidate wat die hoogste punte behaal het is deur die Regering studiebeurse van £ 60 ieder toegeken. [3]) Op die 15de Aug. 1893 is 'n aanvang gemaak met die werk onder die nuwe wet. Met 19 leerlinge het die Gimnasium begin.

Volgens 'n verdere art. in die wet sou daar wees vier departemente:

(a) 'n Klassieke departement;
(b) 'n Wetenskaplike departement;
(c) 'n Opvoedkundige departement of normaalklas;
(d) 'n Landboukundige departement.

Omtrent die opvoedkundige departement was in art. 52 van die wet bepaal dat die wat in hierdie afdeling opgeneem wil word, in besit moet wees van die derde klas onderwysersdiploma. Dit was dus 'n verdere stap om die doel van die inrigting, soos in art. 1 c.

---

[1]) E. V. R. notule: art. 83 van '93.

[2]) Dit word deur Dr. Reinink in die Gedenkboek gegee as '92, wat natuurlik 'n drukfout moet wees. Sien in verband hiermee die verslag van die Kuratorium van die Gimnasium oor '93, as aanhangsel van die verslag van die Supt. vir hierdie jaar.

[3]) E. V. R. notule: art. 549 van '93.

van die wet vasgelê, minder bereikbaar te maak. Daar was tog geen inrigting wat *direk* vir die vereiste toelatingsertifikaat opgelei het nie, sodat, 'n student vir die opvoedkundige departement werklik 'n rara avis sou wees.

Die nuwe rektor het sake met 'n vaste hand aangepak. Sy opvatting omtrent die standaard vir toelating was baie strenger en ewe as Mansvelt het hy hom nie oor getalle bekommer nie, waar dit 'n saak van beginsel was. Louis het in '83 heeltemal alleen met 'n 20 kinders begin en die standaard vir toelating is onmiddellik al verlaag om tog maar meer leerlinge te trek. Met die Voorbereidingskool het dit net so gegaan. Dr. Reinink het egter met 4 dosente, dus tesame 5 onderwysers, gestaan vir 19 kinders, maar by hom hoor ons nie van die toelatingseksamen verlaag of dgl. dinge nie; sy doel was die ophef van die standaard van die onderwys self, en hy is die eerste in die Oorvaalse wat deur sy doelbewuste optrede hierin geslaag het. Dis belangrik om hier die eerste personeel te noem; dit gee ons 'n goeie idee van die standaard wat jy kon verwag: —

Dr. H. Reinink; Latyn, Vaderlandse en Algemene geskiedenis;
Dr. H. G. Breyer; Aardryks-, Natuur-, Dier- en Delfstofkunde;
W. Louis; Reken-, Meet- en Stelkunde;
J. Bergmans; L. H. C.; Hollands;
A. W. Macfadyen, B. A., L. L. B.; Engels.

Daar is vandag, 1924, min middelbare skole in die Transvaal, wat op so'n staf kan aanspraak maak.

Die 19 leerlinge van '93 was verdeel in: —

I. Die wat ná die Gimnasiumkursus verder wil studeer in regte, teologie, ens.

II. Die wat hulle ten doel stel om ingenieur, landmeter, amptenaar of dgl. te word.

Die leerplan vir groep I opgetrek is die eise om in *Nederland* aan die Uniwersiteite toegelaat te word; en vir groep II die eise vir die *Politegniese skool in Delft, Nederland.* Die Raad van Eksaminatore het ook afsonderlike grade vir die Republiek ingestel, sowel as eksamens vir landmeter, regsgeleerde, ens., maar soos vroeër by die Opleidingskool is vereers vir aanpassing by Nederland gewerk. Onderhandelinge was dan ook al dadelik aangeknoop met die Nederlandse Regering, om die leerlinge van die Gimnasium wat die eindeksamen vir groep I of II afgelê het, sonder verdere eksamen, aldaar tot die uniwersiteit en die politegniese skool toe te laat.

Mansvelt en die Regering het nie ingestem met die wat al dadelik alhier 'n Uniwersiteit wou oprig nie, omdat daar vereers nie genoeg studente sou wees om die onkoste te regverdig nie; maar ook hulle plan was om later daartoe oor te gaan. [1]) Hulle wou studente dus eers 'n kans gee om hulle voete in Europa te kan vind. By die verdere snelle uitbreiding in '98 en '99 het die anti-Hollander-party gemeen dat daar teveel nadruk op hierdie doel gelê was, sonder oorweging van die ander by wet genoemde takke van die inrigting, hoewel dit ook weer 'n afwyking van die gewone prosedure sou gewees het om in 'n gimnasium op te lei vir beampte, onderwyser, ens.

Omdat twee klasse wel 'n bietjie min was om 5 dosente, wat ieder volgens wet minstens 20 uur per week moes les gee, besig te hou, was die twee afdelings ieder weer in twee onderdele verdeel.

Die volgende skema toon aan hoe die vakke vir die hele kursus verdeel was en hoeveel tyd aan ieder toegeken is: —

	Latyn	Geskiedenis	Nederlands	Engels	Grieks	Aardryks-kunde	Wiskunde	Natuurl. Historie	Natuurk.	Skeik.	Meganika	Tekene	Totaal
1ste Kl. A.	5	3	3	5	0	1	6	1	0	0	0	1	25
B.	0	2	3	5	0	2	9	2	0	0	0	2	25
2de Kl. A.	5	2	3	3	5	1	4	1	0	0	0	1	25
B.	0	2	3	5	0	2	9	2	0	0	0	2	25
3de Kl. A.	5	2	2	4	5	1	3	2	0	0	0	1	25
B.	0	2	3	4	0	1	6	3	2	2	0	2	25
4de Kl. A.	5	2	2	3	5	1	3	1	1	1	0	1	25
B.	0	2	2	4	0	2	5	2	3	3	0	2	25
5de Kl. A.	5	2	2	3	5	1	2	1	2	1	0	1	25
B.	0	2	2	3	0	2	5	2	3	3	1	2	25
Totaal	25	21	25	39	20	14	52	17	11	10	1	15	250

Gedurende die eerste jaar was die twee klasse dus verdeel in A (1) en A (2), en B (1) en B (2) wat dan 100 uur per week gee of presies 20 per dosent.

---

[1]) Verslag N. Z. A. V. 1893/1894: bls. 17.

Die hele skema toon aan dat as dit onder personeel van dieselfde soort as waarmee begin is, uitgevoer word, dit in sy rigting 'n uitstekende produk moet afgewerp het, wat ver bo die produk van ons hoërskole van vandag moet gestaan het.

Met behuising moes die Gimnasium hom eers maar 'n bietjie behelp, maar in '94 was besluit om die £ 20,000, wat al vroeër gestem was vir 'n uniwersiteit, te gebruik om 'n nuwe gebou vir die inrigting op te trek. In '94 het daar 17 nuwe leerlinge bygekom, terwyl die 19 van die eerste jaar almal oorgegaan het. In die laaste geval was 'n publieke eksamen gehou, 'n soort van publieke funksie, want die dosente het reeds in verband met die jaar se werk, beslis wie sou oorgaan.

In besondere gevalle was kandidate toegelaat om enkele vakke as „toehoorders" by te woon. Later is nog bepaal [1]) dat persone wat deur gegronde redes die toelatingseksamen nie kon bywoon nie, tog kon toegelaat word as student (onder die naam van toehoorder) tot die e.v. eksamen, en as hy dan gelyk met die ander deurkom sou hy 'n gewone student wees. Hier is egter maar baie min gebruik van gemaak. In '94 was daar drie sulke tydelike toehoorders vir sekere vakke.

Die medium was Hollands. Die inrigting sou dus nie Engelse leerlinge trek nie, en ook net so min die kinders van die Afrikaners wat gereken het dat Engels hier te lande meer reg het en meer aandag moet geniet dan asof dit 'n vreemde taal is. Vrystaat, Natal en Kaap het dus baie kinders getrek, wat volgens die normale verloop van sake in die Gimnasium tuisgehoor het, en 'n baie algemene teëwerping was dat baie ouers dit nie kon bekostig om hulle kinders oorsee te stuur nie; en omdat dit die hoofdoel was waarvoor die Gimnasium gewerk het, is daar baie kinders na skole gegaan, wat meer praktiese werk gedoen het in verband met die inheemse eksamens, of die Kaapse Matriek, wat toe reeds 'n groot bekoring gehad het en wat boonop ook aan baie van die vernaamste uniwersiteite erken was.

Daar was 'n hele paar Engelse skole wat baie werk gedoen het in verband met Elementary, School Higher en Matriculation. Marist Brothers en Jeppes Grammer skool het baie hiertoe bygedra en elke jaar het die lys van geslaagde Transvaalse kandidate by die Kaapse eksamens toegeneem. Die Gimnasium het hom hier egter niks van aangetrek nie en kalm sy eie weg gegaan met sy vaste doel voor oë.

---

[1]) Wysiging van wet 8, '92, volgens art. 306/98 E. V. R. notule.

In '95 was die aantal leerlinge gestyg tot 50 en die koste per jaar per leerling het toe £ 67-18-10½ bedra. In '96 is die kursus, wat, omdat die Rektor in Juliemaand uit Holland aangekom het ook in daardie maand sy aanvang geneem het, verskuif, sodat dit toe ook weer soos vroeër met die kalenderjaar ooreengestem het. So het die derde studiejaar dus 1½ jaar geword en die vierde het aangevang in Jan. '97. Die kursus van '96 het begin met 62 en geëindig met 50 leerlinge, 7 was na die buiteland gegaan vir verdere studie; waarskynlik die Kolonie. Die 50 wat oorgebly het is almal bevorder. Op 3 Febr. '97 is die nuwe gebou ingewy. [1]) Dit skyn of dit 'n goeie uitwerking gehad het, want die jaar vang aan met 92 leerlinge en toehoorders, dit het egter gedurende die jaar weer gekrimp tot 68. Die aantal leraars was toe 12.

Eindelik het daar toe 'n kandidaat sy verskyning gemaak wat van plan was om vir die twede klas onderwyserseksamen deur te werk en wat ook die vereiste vir toelating besit het: —

„doch toen had het Curatorium geen vrymoedigheid gevonden voor één kandidaat die dure voorzieningen te maken."

Dit skyn ons egter toe of daar in die rigting nie die minste aanmoediging was nie, en so gou moontlik is plan gemaak om hierdie vernaamste werk van die Gimnasium op die Modelskool oor te dra.

In die Raad begin daar toe al telkens meer teenstand te kom teen die Gimnasium, wat soos party lede beweer het net kinders wou klaarmaak om na Holland te gaan wat tog, vir die grootste gedeelte, nooit oor die water sou gaan nie. Die algemene beweging teen Mansvelt en die Hollanders het net so sterk teen die Gimnasium gegaan.

In '98 is daar 'n begin gemaak met die onderwys in snelskrif; dus 'n oorgang in 'n meer praktiese rigting.

Aan die end van hierdie jaar was ook die eerste eindeksamen afgeneem onder toesig van 'n kommissie bestaande uit Dr. N. Mansvelt, Staatsprokureur J. C. Smuts en M. Francke, myninspekteur. Die eksamen het omvat: Latyn, Grieks, Hollands, Engels, Frans, Duits, Algemene Geskiedenis, Wiskunde, Plantkunde, Dierkunde, Natuurkunde en Skeikunde. Die standaard om te slaag was taamlik streng. Dit was versag deur die feit dat die dosente ook eksaminatore was. [2])

Die kommissie het na afloop van die verrigtings hulle groot

[1]) Die gebou word vandag nog vir skooldoeleindes gebruik en dit draag nog die naam van Gimnasium.

[2]) Dr. H. Reinink in Gedenkboek: blss. 85, 84.

tevredenheid met die werk van die inrigting uitgedruk. Al vyf die kandidate — almal van die A-afdeling — het geslaag, en omdat die Nederlandse Regering reeds in '96 toestemming gegee het aan Transvaalse studente met die einddiploma van die A-kursus van die Gimnasium, om sonder verdere eksamen aan die uniwersiteite aldaar verder te studeer, kon hierdie 5-tal dus dadelik vertrek. Vier het van die geleentheid gebruik gemaak. Twee daarvan is later weer na die Tv. teruggekeer, die andere twee, G. B. Fortuyn en R. M. Middelberg nie.

Die agitasie teen die verklaarde doel van die inrigting het so sterk geword dat die betrokke outoriteite verplig was om daarvan kennis te neem, en in die verslag oor 1898 — waarskynlik geskryf na die Germistonse kongres van Maart '99 — was melding gemaak van onderhandeling tussen die Raad van Dosente van die Gimnasium en die Raad van Eksaminatore, teneinde „eene gewenschte overeenkomst te krygen".

Na herhaalde vergaderinge was daar nog geen oplossing gevind nie, toe die oorlog alles gestrem het. Die oorlog het ook aan hierdie inrigting vergoed 'n end gemaak. In '99 was die aantal leerlinge al tot 116 geklim. 92 het gedurende sy bestaan die Gimnasium reeds verlaat en hiervan het 9 oorsee verder gestudeer.

B. DIE STAATSMEISIESSKOOL.

In teëstelling met die wet van '82 was aan die end van '92 voorsiening gemaak vir middelbare onderwys vir meisies. Tog is die inrigting maar met moeite deur die President gesanksioneer en die voorwaardes, wat die ooreenkomstige jongensinrigting beding het, was oneindig veel beter.. Art. 61 van die Mansvelt-wet het egter vir 'n spesiale subsiedie vir die doel voorsiening gemaak. So'n skool was 'n gewone gesubsidieerde skool met subsiedie wat 'n bietjie hoër was, as vir die ander en dit was ook nie in verhouding met die bedrag deur die kommissie bymekaar gebring nie. Die toelating tot die inrigting sou die eksamen van die skoolwedstryd wees (by wet 8 van '93 is aan die Regering mag gegee om die bepaling tydelik op te hef en St. IV in plek daarvan te stel.) Die onderwys in so'n skool moes omvat: —

(a) Bybelse geskiedenis, kerkgeskiedenis en sedeleer;
(b) Hollandse taal en letterkunde;
(c) Engelse do
(d) Hoogduitse do } een of meer
(e) Franse do

(f) Rekenkunde;
(g) Boekhou;
(h) Natuurkunde;
(i) Natuurlike historie;
(j) Geskiedenis (Algemene en Vaderlandse);
(k) Aardrykskunde (Algemene en die van Suidafrika);
(l) Huishoudkunde en gesondheidsleer;
(m) Nuttige en fraaie handwerke;
(n) Handtekene en skilder;
(c) Sang met begrip van Kerkmusiek en musiek.

By die koms van Mansvelt het die skool van mej. van Pommeren nog bestaan, maar al gou daarna moes sy haar werk opgee weens slegte gesondheid. Daar was ook nog 'n paar ander skole in dieselfde rigting, b.v. die Ottoline instituut van Mej. van Tyen, maar dit skyn of hierdie nie aan die publieke opienie voldoen het nie, want al gou het die plan gangbaarheid gekry om die voorregte aan jongens reeds toegeken ook vir meisies te verseker. Dr. Mansvelt was self baie ingenome met die idee en het hard saamgewerk. Hy het gesuggesteer dat al die mekaar belemmerende en mededingende skooltjies van daardie soort tot een groot skool moet saamsmelt, ,,die door een vast personeel van bekwame onderwyseressen het onderwys onzer dochters op een vaster en degelyker voet zou kunnen brengen". 'n Bestuur, verteenwoordigende die verskillende klasse van die hoofstad is daarop deur 'n publieke vergadering van belangstellendes belas om in die rigting, deur Dr. Mansvelt aangedui, aksie te neem en 'n ,,Hoogere en Modelskool voor Meisies" op te rig. [1]) Nog in '93 is al 'n begin gemaak met 'n gebou, deur huurtoelae van die Regering, te huur, en in '94 was die aantal leerlinge al 97, maar dis duidelik dat daar vereers ook weer geen rekening gehou is met die toelatingsbeperkings nie. Hulle het selfs Engelse kinders, in terme van die besluit van '92, opgeneem. In sy rapport oor '93 het Dr. Mansvelt die skool sterk aangeprys en gesê: —

,,Het is een feit, dat tot heden, velen onzer meisjes naar staten van Z. A. zyn en nog worden gezonden, en dat zy in den regel van daar terugkeeren, opgevoed weliswaar, maar niet in den geest, die voor het voortbestaan onzer onafhankelikheid de eenige gewenste en noodige is." [2])

Daarom stel hy voor om die ,,Hoogere en Modelschool voor

[1]) Mej. A. E. Adriani, wat gedurende 'n paar jaar Direktriese was van die opgerigte skool, het in die Gedenkboek 'n hoofstuk oor die onderwerp bygedra.
[2]) Verslag van die Dept. oor '93: art. 6.

Meisjes" — ons dien op die naam te let — wat gewoon onder 'n kommissie staan, oor te neem en in 'n staatskosskool te herskep. „Voornamelyk zou deze Staatsmeisjeskostschool moeten dienen tot opleiding en vorming onzer eigen onderwyzeressen." Die laaste is die middel wat die President se teenstand gebreek het, en uiteindelik is besluit om die „Hoogere en Modelschool voor Meisjes" oor te neem en daar 'n kosinrigting aan te verbind. [1]) In Oktober '94 is die inrigting plegtig heropen as die Staatsmeisiesskool. Dit was besluit om aan hulle die geboue af te staan waar die Gimnasium in gehuisves was en dan 'n nuwe Gimnasium te bou. As Direktriese was aangestel Mej. C. S. Roodhuyzen. By die oorname was daar nog 78 leerlinge. Aan die end van '95 was dit gestyg tot 128 en die resultate van die onderwys was uitstekend. Voor die skoolwedstryd het daar 8 uit die 10 geslaag.

Aan die end van '96 is die Direktriese opgevolg deur Mej. A. E. Adriani. Die rol was toe al 222. Die vooruitgang van die inrigting was dus uitstekend, hoofsaak was egter vereers weer laer onderwys. Kinders van enige ouderdòm was in die dagskool opgeneem en alleen die bo 10 jaar in die koshuis. Die inrigting was baie gesien onder die boere en vèr uit die distrikte het die kinders na die losieshuis gekom. Dit was egter gou vol en gedurende '97 moes baie afgewys word. Hierdie jaar het daar al kinders vir die derde klas onderwyserseksamen geskryf en 8 uit die 9 het geslaag. Nieteenstaande die benaming waarop ons reeds die aandag gevestig het, tref ons pas in die jaarverslag van hierdie inrigting oor '97 aan dat die Bestuur besluit het om 'n Hoër Meisiesskool op te rig.

Die skool was dus tot nou toe gewees wat hulle genoem het 'n modelskool vir meisies. Die normaalklasse vir derde klas het ook nog hieronder geval, maar vanaf die begin van '98 is daar leerlinge verder geğaan as St. VI en toe was dit pas 'n „Hoogere en Modelschool". Hierdie inrigting het beter sy pligte teenoor die onderwys probeer behartig dan die Gimnasium, wat g'n tyd daarvoor gehad het nie, en 'n onderwyseres vir die opleiding vir twede klas is in '98 toegestaan, en het in '99 met die werk begin en aan die end van die jaar het drie kandidate geslaag.

Die kursus vir die hoër gedeelte was toe min of meer soos by wet vasgestel en vir toelating was die St. VI grens skerp getrek. [2]) Die skoolgeld was gestel op 15/- per maand; losiesgeld £ 9 per

---

1) Besluit by art. 1621 van 7 Sept. 1894.
2) De Volksstem: 16-9-97; Offisiële Adv. van die Dept. v. O.

kwartaal: intreegeld £ 3; piano en orrellesse £ 1 per maand.

Nuwe geboue sou opgerig word, daar was al 300 kinders, alles het vorentoe gegaan, maar toe het die oorlog gekom en die onderwyseresse het verpleegsters geword, terwyl die skool in 'n hospitaal verander was. Later in 1900 is weer 'n poging gemaak om weer 'n bietjie werk te doen. In Mei 1900 sou die skool begin. Leerlinge bo St. VI en kosleerlinge sou nie ingeneem word nie, en, gaan die advertensie verder „Jongens zullen zooveel mogelyk worden toegelaten. De jongere zullen worden ingedeeld in de meisjesklassen en de oudere zullen onderricht ontvangen van een paar onderwyzers der Staatsmodelschool, leden van het Hollandsche corps, wier militaire plichten hun echter niet beletten gedurende de gewone schooluren onderwys te geven."

Met die inname van Pretoria het ook hierdie inrigting opgehou om te bestaan.

DIE STAATSMODELSKOOL IN PRETORIA.

Die Voorbereiding- en die Opleidingskool was onder die vorige wet gealmalgameer. By die reorganisasie onder die Mansvelt-wet sou die Opleidingskool vervang of voortgesit word deur die nuwe Gimnasium, wat beter aan die toelatingstandaard die hand sou hou dan die vorige inrigting. Die stuk benede St. VI, in werklikheid sowat die hele inrigting sou toe dus los oorbly en daarmee moes ook 'n plan gemaak word, en hierdie gedeelte, die vroeër voorbereidingskool, was toe bestendig onder die naam van Modelskool. Mnr. F. W. Wagner, van die begin af hoofonderwyser van die Staatsmodelskool. verdedig 'n ander opienie hieromtrent, [1]) maar uit die reeds behandelde kwessie van opleiding- en voorbereidingskool blyk duidelik die ontwikkeling wat ons aangee, asook uit die volgende verklaring van die Supt.: —

„De Voorbereidingschool blyft bestaan onder de naam Modelschool" (ons onderstreep) in de eerste plaats om te zorgen, dat er ergens althans een school zal zyn, die aan alle eischen zal voldoen, om de leerlingen op te leiden tot St. VI, om alsdan te kunnen overgaan tot het Gymnasium, *alwaar* (ons onderstreep) die leerlingen zullen worden gevormd tot onderwyzers; waar ze leeren zullen hoe een goede school moet worden ingericht, wat de beste methode is om eigen onderwyzers te vormen".

---

[1]) Gedenkboek. . : onder Staatsmodelschool.

Met die aanname van die wet van '92 was die Staatsmodelskool vir-laer en meer uitgebreide laer onderwys, d.i. St. I tot VI 'n feit geword. 'n Onderwyser het uit Holland gekom, en op 1 Aug. 1893 is die Voorbereidingskool offisieel in die Staatsmodelskool verander. End '92 was daar 122 kinders, jongens en meisies. Die Hoofonderwyser het dadelik alles in die werk gestel om die skool aan sy naam te laat beantwoord. Die akkomodasie het egter groot ongerief veroorsaak, want daar was net vier klaskamers. Aan die inrigting sou ook onderwys gegee word in gimnastiek en hande-arbeid. Teneinde die peil van die onderwys hoog te hou is die bepaling gemaak dat alleen onderwysers in besit van die twede klas sertifikaat aangestel sou word en niemand sou 'n permanente aanstelling kry as hy nie eers ses maande bevredigende proefwerk gelewer het nie. [1])

Die beurse wat eers aan die Opleidingskool was, 12 in getal, was met ses vermeerder en vanaf Aug. '93 aan die Modelskool toegestaan. Die aantal is later herhaaldelik vermeerder, terwyl daar ook bygekom het vir die opleiding van onderwyser. [2])

In '94 was deur die Raad besluit om 'n losieshuis in verband met die Modelskool op te rig. Die gebou van die Ebenhaëzer-skool, op die hoek van v. d. Walt en Schoemanstrate was daarvoor ingerig.

Byna gelyktydig is die Staatsmeisiesskool geopen en die meisies, wat tot nou toe op die Staatsmodelskool was, het hierdie inrigting verlaat en plek gevind in die meisiesinrigting. Nieteenstaande hierdie vertrek van leerlinge was daar aan die end van die jaar nog 156 seuns oor en die end van die volgende jaar,'95, was daar 277 en in Julie e.v. nie minder as 374 nie; veels te veel vir die beskikbare akkomodasie, en daarom is daar toe ook 'n nuwe skool in die Weste van die stad opgerig en sodoende is die getal tot 274 herlei. [3]) Begin '97 was die nuwe gebou, wat ondertussen vir die Modelskool opgetrek was, ingewy — vandag is in dieselfde gebou gehuisves die East Central skool. Die Modelskool het uitstekende werk gedoen en tot '99 het daar 125 leerlinge vir die toegangseksamen tot die Gimnasium geslaag, terwyl daar al heel wat derde en selfs ook al 'n paar twede klas onderwysers gelewer was.

Die sluiting van die skool in '99 en die heropening vir 'n kort tydjie in Mei 1900 het ons reeds onder die voorgaande hoof aangehaal.

---

1) Gedenkboek..; bls. 100.
2) E. V. R. notule: 1893, art. 589.
3) Gedenkboek: bls. 105.

DIE OPLEIDING VAN ONDERWYSERS(-ESSE).

Die groot belangrikheid van die opleiding vir onderwyser was al baie lank gevoel. Reeds by die du Toit-wet was dit die vooropgestelde doel van die inrigting vir middelbare onderwys. Onder Mansvelt, soos reeds aangetoon, was hierdie saak ook duidelik uitgebring in art. 1 c. van die onderwyswet, as één van die vernaamste pligte van die op te rigte Gimnasium.

Daar was egter in die wet nog 'n ander bepaling gemaak wat vir 'n ruk die enige staatsbydrae sou wees om die kwalifiseer van onderwysers te bevorder, uitgesonder natuurlik, die negatiewe aandrywing soos vervat in art. 29 van die wet, wat die mienimum kwalifikasie stel, wat 'n persoon moet besit om aan 'n dorpskool te mag werksaam wees. Die positiewe aanmoediging word gegee in artt. 36, 37 en 38 van die onderwyswet, wat die aanstel van kwekelinge wettig; hulle kwalifikasies voorskryf en waarin die hoof van die skool 'n honorarium toegeken word vir iedere kwekeling, deur hom opgelei, wat die derde klas sertifikaat behaal.

Dit het vir 'n onderwyser dus baie voordelig geword om kwekelinge aan te neem, want die salarisse wat laasgenoemdes ontvang het, was maar nominaal en die meeste van die sodoende erlangde subsiedie het in die onderwyser se beurs gekom, terwyl die aanstel van 'n hulponderwyser sy salaris baie nadeliger sou beïnvloed het.

Die kwalifikasiebeperkings het die onderwysers aangespoor om van hulle beste kinders te laat deurgaan sodat daar van hulle kwekelinge kon word; want dis duidelik dat as 'n onderwyser 'n kwekeling het uit sy eie skool, wat by die skool woon, hy die persoon baie minder toelae sal hoef te gee dan wanneer hy één van 'n ander plek af kry, wat tog in staat gestel moet word om losieskoste, ens. te betaal. Nog 'n meer effektiewe aanmoediging was die honorarium.

Hierdie reëling het dus vir die ondernemende onderwyser, behalwe 'n kans op verhoogde salaris van die bestuur wat toe geen hulponderwyser behoef te betaal nie, nog 'n welkome bonus besorg. Die hele skoolstelsel was dus een groot normaalskool, waarin alle gekwalifiseerde onderwysers die personeel was. Hierdie stelsel het teen die end taamlik begin werk, en skrywer het onderwysers uit die periode die stelsel sterk hoor verdedig, selfs vandag nog.

Hierdie stelsel werd nog verder aangemoedig in art. 7 van wet No. 14 van 1896, wat aan besture van skole van 20 tot 30 leerlinge, £ 3 per maand toeken vir die salaris van 'n kwekeling.

Die Gimnasium, soos ons alreeds aangetoon het, het sy ver-

eistes vir anderkant die see ingerig, sodat daar geen sprake was van die aanmoediging van, laat staan die deelneem aan, die opleiding van onderwysers nie. Mansvelt het trouens self die kans grootliks bederf — aangenome dat die dosente geesdrif gevoel het om in die rigting te werk, want tyd was daar genoeg in die begin — deur in art 52 van die wet as voorwaarde vir toelating te stel, die besit van die 3de klas onderw. sertifikaat.

Daar was dus behalwe die kwekelingstelsel geen voorsiening om die sertifikaat, wat die nodigste was, te behaal nie. Al gou wil hy daar egter indirek voorsiening voor begin maak, want in sy verslag oor '93, gepubliseer in die St. Crt. van 2 Mei '94 beveel hy aan om 20 beurse te stig om kinders van behoeftige mense op te lei tot onderwysers (esse) en hy verklaar die laaste omskrywing as volg: — „Ik noem zonen en dochteren van onvermogende burgers, omdat ongelukkig het ambt van onderwyzer nog niet zoo aantrekkelyk of winstgevend is, dat de kinderen van vermogende ouders daartoe aangelokt worden".

De meeste onderwysers kom uit die „Buitenland" en dit wil hy verhelp deur 'n eie opleiding. In dieselfde verslag noem hy die opleiding van onderwyseresse as één van die doeleindes van die Hoër- en Modelskool vir meisies wat hy aanbeveel aan die Regering vir oorname. Die Raad het 20 beurse van £ 60 per jaar toegestaan vir die gevraagde doel [1]) en regulasies is opgetrek aan die hand, waarvan hulle toegeken is aan 11 jongens en 9 meisies, en die is geplaas by die Staatsmodel- en die Staatsmeisiesskool respektieflik. Vanaf '95 het ons dus 'n normaalklas aan beide inrigtings, en dit kenmerk dus die begin van die opleiding van toekomstige onderwysers (esse) direk deur die Staat. In sy volgende verslag maak Mansvelt melding van die feit dat 'n normaalskool nodig word en tewens trag hy om die Gimnasium van die verpligting om 'n opvoedkundige departement te open, te ontslaan: —

„Volgens deze bepalingen (artt. 47e, 49c, 52, 53 en 71 van wet No. 8, 1892) zal er aan het Staatsgimnasium een normaalklasse, een opvoedkundig departement verbonden worden zoodra zich daartoe een genoegzaam aantal applikanten aangeboden heeft, die het onderwyzers examen derde klasse afgelegd hebben. Tot hiertoe heeft zich slechts een applikant aangemeld, die nu de gewone lessen van het Gymnasium afdeling B. (voorbereiding vir die Politegniese skool te Delft — skrywer) volgt. Nu het Gymnasium zich verder

---

[1]) E. V. R. notule: art. 1600 van 1894.

ontwikkelt, blykt het minder gemakkelyk, deze normaalklasse aan het Gymnasium te verbinden. Reeds volgens art. 71 zou deze klasse in verband met de Modelschool gebracht worden."

Die laaste is 'n baie slim verdraaiing van woorde waarmee Mansvelt altyd aan die veilige kant bly, want hy sê feitlik net in ander woorde wat in die wetsartiekel staan, maar tog wek hy bewus die gedagte op dat die hele saak toe by die Modelskool tuishoort, wat glad nie die geval was nie. Die art. lui n.l.: — „De school, tot heden bekend als voorbereidingschool, in verband met 't bestaande Gymnasium, blyft als *Modelschool* onder het rechtstreeks beheer van de Regeering, onder toezicht van het Curatorium van het Gymnasium, en zal, zoodra een opvoedkundig departement in verband met het Gymnasium tot stand gebracht is daarmee in betrekking gesteld worden." Wat gewoonweg beteken dat so gou as die klas aan die *Gimnasium* is, die Modelskool gebruik sal word vir praktiese onderwys — dis al.

Daar was hierdie jaar '95, vir onderwysers(-esse) weer 20 beurse beskikbaar gestel. Daar was geen gebrek aan applikante nie, want 65 applikasies het hiervoor ingekom, 39 mans en 26 meisies. Die beurse is weer volgens regulasies toegeken en die leerlinge by dieselfde inrigtings as die vorige jaar geplaas. Daar was dus in '96, twee normaalklasse aan elkeen van die inrigtings verbonde.

By art. 1841 van die Eerste Volksraadsnotule van '96 was die Supt. ook nog gemagtig om 'n som van £ 250 te gebruik om dogters van ongelukkige ouers, soos b.v. die blinde weduwee V...., op te neem in skole en kosinrigtings om hulle tot onderwyseres te laat oplei. In '97 was weer 10 beurse gegee.

Toe het van die eerste stel studente ook al 'n paar met goed gevolg die derde klas eksamen afgelê.

Die normaalafdeling aan die Modelskool was in twee groepe verdeel met twee onderwysers. In elke afdeling was daar 9 leerlinge. Aan die Staatsmeisiesskool was nie so baie ruimte beskikbaar nie en omstandighede was dus moeiliker; die uitslae was egter ruim so goed, want 8 uit die 9 meisies het by die derde klas eksamen geslaag. Die volgende jaar word net melding gemaak dat 7 die derde klaseks. gedoen het; vir die Meisiesskool was die resultaat 12 geslaag uit 13. Toe het die twee inrigtings nog verder begin werk en vanaf die begin van '99 is aan beide 'n onderwyser(-es) toegestaan om sodoende ook te kan oplei tot die twede klas eksamen en aan die end van die jaar het daar vir hierdie eksamen drie van die Meisiesskool en twee kandidate van die Modelskool geslaag. Die volledige

opleiding vir onderwysers sou net begin, want daar was nou feitlik twee normaalskole, een vir mans, en ook een vir meisies; verder het dit nie gekom nie.

Gedurende die laaste jaar was daar al herhaaldelik plan gemaak om 'n afsonderlike normaalskool op te rig, wat die werk, wat deur die twee afsonderlike inrigtings moes gedoen word, sou verenig.

'n Konsepwet, reëlende die stigting en instandhouding van een „Kweekschool ter opleiding van Onderwyzers" is volgens opdrag van die Eerste Volksraad, E. V. B. 1138/96 opgetrek en gepubliseer in die St. Crt. van 2 Feb. '97. Dis voor die Raad gebring en volgens art. 275/97 na die Onderwyskommissie [1]) verwys. In art. 399/97 was 'n memorie daaromtrent ingedien, en as gevolg hiervan is in art. 400/97 besluit die konsepwet van die Kommissie terug te vra, omdat die bedoeling van die Raad was dat die Kommissie geen konsepwette sou behandel, waarvan die strekking deur die Raad nog nie goedgekeur was nie. Die saak het toe gesleep tot die volgende jaar en in art. 316/98 is die strekking van die wet afgekeur, omdat die opleiding in die normaalklasse van die Staatsmeisiesskool en die modelskool voorlopig as voldoende beskou was.

Toe is daar planne beraam om die normaalonderwys in die bereik te bring van die ongekwalifiseerdes in die distrikte, hoofsaaklik na aanleiding van 'n aanbeveling in die gees, deur die Supt. van Onderwys in sy verslag oor '97, art. 53. Die Regering het 'n konsepwet wat die voorgestelde doel beoog, doen optrek en begin '99 gepubliseer. In art. 452/99 is weer 'n kommissie opgedra om die konsep te oorweeg en daaromtrent te rapporteer. Gedurende hierdie sitting egter is alle sake nie afgehandel nie, en 'n gedeelte daarvan, waar ook die konsepwet onder geval het, is uitgestel tot 'n volgende sitting. By die begin daarvan egter is op 7 Mei 1900 besluit om die saak te laat oorstaan. Die oorlogstoestande was oorsaak hiervan.

Sodoende is die „Concept-wet regelende het instellen van Normaallessen in de Zuid-Afrikaansche Republiek" nooit verder behandel nie. Die volgende is 'n beknopte inhoud daarvan:—

Doel: Om jong mense wat nie in die geleentheid is om na Pretoria te kom, om die III en II klas onderwysersertifikaat te behaal nie, voort te help deur middel van normaallesse wat op geskikte sentra deur bekwame, deur die Supt. te benoem II klas onderwysers sal gegee word.

---

[1]) 'n Kommissie uit lede van die E. V. R. bestaande, wat gereeld alle sake re Onderwys behandel het.

Persone wat daarvan gebruik wil maak moet die Supt. daarvan in kennis stel en as daar genoeg applikante is uit 'n sekere omgewing sal daar 'n begin met die lesse op 'n sentrale plek gemaak word.

Die lesse word Saterdae gegee. 'n Eerste onderwyser vir elke sentrum word aangestel en hy ontvang vir hierdie onderskeiding 10/- per skooldag ekstra, terwyl die verdere betaling sal wees 10/- per uur vir III klas lesse en 15/- per uur vir II klas. Studente moet hulle verplig om, indien hulle 'n sertifikaat behaal minstens 2 jaar die gesubsidieerde onderwys te dien. Hierdie wet sou dus weer 'n stap verder gewees het op die weg van aanmoediging tot die behaal van beter kwalifikasies.

'n Bietjie in die rigting van opleiding is ook bygedra deur die groot private inrigtings — mees Engels — wat o.a. onderneem het om die kandidate vir die verskillende eksamens: III, II en I klas op te lei, maar nieteenstaande die groot en veelomvattende advertensies van hierdie inrigtings was bydrae van hulle kant maar seldsaam.

DIE MYNSKOOL.

Reeds in 1894 is, na aanleiding van die feit dat die Transvaalse Mynindustrie so verbasend snel ontwikkel het, die wenslikheid om in die Republiek 'n Mynskool op te rig, bespreek. Die plan was om so'n inrigting aan die Gimnasium te verbind. Hierteen is herhaaldelik ingebring dat Johannesburg 'n geskikter plek sou wees, siende dat die myne daar was en nie in Pretoria nie, maar vooroordeel teen die omgewing, politiek sowel as nasionaal, en miskien ook wel 'n bietjie eie belang het toe sowel as later die alternatief vir goed verwerp.

In '95 het Mansvelt in sy verslag meegedeel dat die Kuratorium van die Gimnasium besig was om die saak te oorweeg. Mnr. Snethlage, konsulêre verteenwoordiger van die Republiek te Amsterdam, is versoek om die noodsaaklike informasies in te win by die tegniese Mynskole in Europa, en om 'n konsepskema op te trek. Programmas van die inrigtings o.a. te Freiburg, Leobed en Parys is bestudeer. Ook Mnr. Klimke, die Staatsmyningenieur, wat destyds net in Duitsland was, het assistensie verleen. [1]) Sake is egter gou tot 'n punt gedryf omdat daar aan die end van '96 vier seuns van die Gimnasium sover was dat hulle met 'n mynboukursus kon begin,

[1]) Weekly Press: 16-1-97. Gedenkboek: blss. 86, 87.

en omdat hulle na elders sou vertrek, as hier geen voorsiening gemaak word nie, het die Kuratorium van die Gimnasium die Regering in verband hiermee genader en daarop het laasgenoemde besluit om, onderhewig aan die goedkeuring van die Eerste Volksraad, voorlopige reëlings te tref, sodat genoemde seuns met hulle studie kon aangaan. [1]) 'n Voorlopige skema, deur deskundiges opgetrek, was deur die Regering gunstig ontvang, en die bestuur was opgedra aan 'n Kuratorium, bestaande uit: — Dr. N. Mansvelt; J. Klimke, Staatsmyningenieur; G. A. A. Middelberg van de N. Z. A. S. M. en Prof. Dr. G. A. F. Molengraaf, Staatsgeoloog (later benoem).

In Feb. '97 was die Mynskool reeds geopen. Dr. H. G. Breyer het opgetree as waarnemende Direkteur, terwyl in sommige dele van die onderwys 'n paar dosente van die Gimnasium hulp verleen het. Die Kuratorium het die plan gehad om die inrigting voorlopig sodanige uitbreiding te gee dat dit een afgeslote geheel sou vorm, en dat die kursus voldoende sou wees vir die vorming van bekwame mynamptenare. Die wat verder en meer uitgebrei wou studeer kon dan later 'n Akademie in Europa of elders besoek. [2]) Gedurende die eerste jaar het die onderwys o.a. die volgende vakke omvat: Hoër Algebra, Vlak- en Bolvormige Driehoeksmeting; Analietiese Meetkunde; Natuurkunde, Skeikunde, Kristallografie, Frans, Duits en Lyntekene.

Omdat die Raad in '97 nie sover gekom het om die konsepwet re die Mynskool te behandel nie, is die leerlinge vir die jaar 1898 maar na die myne gestuur vir praktiese werk. Verskillende mynbestuurders het hulle gewillig verklaar om hierin met die Kuratorium saam te werk. By besluit 855/98 is die strekking van die wet goedgekeur en in art. 857/98 is dit na 'n kommissie van drie persone verwys, om na oorleg met die Supt. en deskundiges 'n rapport uit te bring. In '98 is die wet nie weer opgebring nie, en die drie seuns — een het die studie moet opgee — het weer myne toe gegaan. Die Uitv. Raad het egter ondertussen toestemming gegee om 'n leraar in Paleontologie, Plant- en Dierkunde aan te vra en ook een vir Mynboukunde, Mynopmeetkunde en Werktuigkunde, 'n ander vir Mineralogie, Geologie en Mineraal-Analiese. Geen bevredigende applikasies het egter ingekom nie.

Die Kommissie, by art. 857/98 aangestel, het pas in '99 gerap-

---

[1]) E. V. R. notule: art. 854 van '98.
[2]) Verslag van die Mynskool oor '97.

porteer en na aanleiding van die rapport is die wet aangeneem. Dit was op 18 Mei.

Die wet het o.a. bepaal: —

Dat jongens opgelei sal word tot mynkundiges, mynopmeters, werktuigkundiges en elektrotegniesie; dat die kursus sal bestaan uit een jaar praktiese werk in die myne, gevolg deur drie jaar op die Mynskool; ook die leervakke word omskryf; 'n lys van 19 word opgenoem wat o.a. omsluit: wetskennis, staathuishoudkunde, ambulans, ens. Die kennis vereis vir toelating tot die inrigting is klas IV B van die Gimnasium, of 'n gelykstaande toelatingseksamen; voorregte sal toegeken word aan die wat 'n einddiploma verwerf; die vakansie mag drie maande per jaar nie te bo gaan nie, en hiervan moet twee derde in die myne deurgebring word. Hierdie wet, sowel as 'n hele paar ander is te laat aangeneem om nog 'n merkbare effek te hê.

DIE AMBAGSKOOL.

In sy verslag van 1895 beveel Mansvelt behalwe 'n modelboerdery, 'n mynskool en 'n handelskool ook 'n ambagskool aan. In '96 is die plan verder uitgewerk en op 2 Febr. '97 was die konsep gepubliseer. Deur die Eerste Volksraad was dit saam met die ander reeds behandelde konsepte na die onderwyskommissie verwys, maar ewe as die ander weer teruggevra omdat die beginsel nog nie deur die Raad goedgekeur was nie. Dis later weer in behandeling geneem in verband met memories wat in verband daarmee ingekom het, en daarop vir verandering, ens. na 'n kommissie verwys in art. 566/97, terwyl die kommissie opdrag gekry het om nog gedurende die huidige sessie te rapporteer. Desnieteenstaande is dit tog nie gedoen nie en pas in '98 is die saak behandel en die wet aangeneem

Die wet bepaal: —

Dat waar daar 15 applikante in 'n distrik is, daar 'n ambagskool opgerig sal word; dat al die benodigde deur die Regering verskaf word; dat die doel is die vorm van deeglike ambagsliede uit kinders van ou en genaturaliseerde burgers van die Republiek en weeskinders wie se ouers dood is, en van wie die name voorkom op die registers van die veldkornette. So 'n inrigting sal staan onder 'n plaaslike kommissie van 5 lede. Die kommissie moet die vervaardigde artiekels verkoop en die opbrings aan die Landdros oorhandig, terwyl die kinders 5 % van die opbrings kry. Die Regering betaal £ 2 per maand per leerling vir kos en losies. Op versoek van die kommissie

sal in iedere distrik 'n wamaker, 'n smid en 'n saal- en tuiemaker aangestel word. Vir toelating moet 'n kind die twede leerjaar bevredigend deurloop het, ens.

Hierdie wet het weer baie opposiesie by die Engelse verwek, omdat hulle daar, deur die regulasie omtrent ou burgers ens. heeltemal buite gesluit word. [1])

Ons het, gedurende die jaar, wat die wet kans gehad het om te werk geen dokumentêre bewys aangetref dat daar werklik skole onder opgerig is nie. Art. 43 van wet 8 van 1892, wat min of meer een selfde doel beoog het, het skynbaar ook geen effek in die gewenste rigting gehad nie.

'n UNIWERSITEIT VIR DIE Z. A. R.

Gedurende die vorige periode het ons aangetoon dat om verskillende redes die Kuratorium van die Gimnasium, sowel as die Regering en Volksraad baie gevoel het vir 'n uniwersiteit in Pretoria. 'n Paar redes het ons aldaar gegee.

Met die koms van Mansvelt het in hierdie strewe enigsins verandering gekom. Die uiteindelike doel het dit miskien ook wel by laasgenoemde gebly, maar hy het die verwesenliking daarvan taamlik ver in die verskiet gestel, en hy het gemeen dat voorlopig alleen voorbereiding vir studie in Europa moontlik sou wees. [2])

Kort daarop het hy hom dan ook in dieselfde gees uitgelaat in Holland, want in die verslag van die N. Z. A. V. vir 1892/1893 word volgens informasie van Mansvelt verkry, vermeld:„Het vroeger denkbeeld om te Pretoria een universiteit op te richten is voorshands opgegeven".

Die Afrikaner-gedeelte wou egter nie so geredelik van hulle idee afstap nie en toe 'n paar jaar later, '95, die beurskommissie aanbeveel het dat die Regering studiebeurse vir Europa beskikbaar moet stel, het 'n ander kommissie, aangestel om hierdie en ander sake te behandel, in plaas van die versoek van die beurskommissie te verdedig, aanbeveel dat liewers te Pretoria 'n inrigting vir Hoër Onderwys vir verdere studie na die Gimnasium opgerig moet word. Die Volksraad het daarop die Regering opdrag gegee om 'n voorstel, vir die oprig van so'n inrigting, op te trek en voor die Raad te lê. [3])

---

[1]) The Times: gesiteer deur die Star Weekly van 17-12-98.

[2]) E. V. R. notule: art. 288 van '92.

[3]) Die kommissie was benoem in art. 867/95 en het verslag uitgebring in art. 1060/96, waarna dadelik die aangehaalde besluit geneem is.

In die Vrystaat het hulle nie saamgestem met die twee Transvaalse strominge nie — die een, deur die Hollandse element gesteun, om kinders na Hollandse uniwersiteite te stuur en die twede, deur die Afrikaner-element aangemoedig, om in Pretoria 'n uniwersiteit op te rig. Hulle het meer eenheid gevoel met die uniwersiteit van Kaapstad, maar aan die ander kant heeltemal toegegee dat die beswaar van Pretoria n.l. dat die van Kaapstad te veel Engels was, gegrond was. Daarom het hulle getrag om die beswaar uit die weg te ruim, en die Supt. van Onderwys vir die Vrystaat, het 'n onderhoud met die Kaapse outoriteite gehad om hulle te beweeg om die eksamen in Engels en Hollands af te neem teneinde dit beter te laat aanpas by die behoeftes van Suid-Afrika. Hoewel die preliminêre non-offisiële besprekings bemoedigend gelyk het, was daar uiteindelik tog geen praktiese resultaat nie.[1]) Al het hierdie onderhandeling sukses gehad dan is dit natuurlik duidelik dat Mansvelt, met die nuwe ideale wat hy hom in die Republiek gestel het, daar nie aan sou gedink het om by hierdie stelsel aan te sluit nie.

Die Regering van die Republiek het ondertussen nog geen stappe geneem om die instruksies van die Volksraad, in '96 gegee, op te volg nie. Die rede daarvoor gee die Supt. in 1898 in sy verslag:

„Niets anders ontbrak dan eene universiteit, doch daartoe was reeds voor twee jaar geleden door den Volksraad besloten. De Universiteit zou tot stand komen zoodra de Regering met advies van de Kuratoren overtuigd is, er genoeg leerlingen zyn om de groote kosten aan eene universiteit verbonden, te rechtvaardigen".

In hierdie verband is die houding van Mansvelt en die Kuratorium wel eienaardig, want begin '97 was daar vir vier studente — toe nog maar drie — 'n mynskool geopen, en vir die drie studente was daar toe al een direkteur en daar was nog drie leraars gevra. Dus vir die drie studente het die Kuratorium gemeen dat vier leraars teen van £ 800 tot £ 900 elk nie teveel onkoste was nie, terwyl die begin van 'n uniwersiteit, waarby hulle meer leerlinge behoort te getrek het, as vir die mynskool, en waarvoor die koste — in verhouding — baie laer sou gewees het, deur die Kuratorium nog nie geregverdig beskou was nie.... „om de groote kosten". Daar was natuurlik wel die ander feit n.l. dat vir uniwersitêre studie die studente na Holland kon gaan en vir die studie van die mynbou nie.

Die Regering het op die begroting vir '99 £ 900 geplaas vir

---

[1]) Toespraak van de heer Brebner, Supt. van onderwys in die O. V. S., op die Re-unie van die Grey College, aan die end van '96.

beurse vir oorsese studie van die studente, wat net klaar gekom het met hulle Gimnasium-kursus. By die behandeling van hierdie pos in die Raad was die lede weer ewe antipatiek as voorheen en sommige het beweer dat dit 'n „slinksche streek" van die Supt. was om die plan om alhier 'n uniwersiteit te stig te smoor. [1]) Die voorgestelde beurse is dan ook afgestem en die volgende besluit is aangeneem: —

„De Eerste Volksraad besluit: de afdeling aan de orde goed te keuren zooals door den Uitv. Raad voorgesteld.... en draagt verder de Regeering op het desbetreffende besluit omtrent het daarstellen van een Universiteit uit te voeren." [2])

Hierdie opdrag verwys na die besluit van '96. [3]) Dr. Knothe sê hiervan: —

„Op 10 Maart, 1899, besloot de Eerste Volksraad onmiddellik stappen te doen om het besluit van 1889 ten uitvoer te brengen, en een Docerende Universiteit te stichten." [4])

Ons meen dat dit nie identiek is met die aangehaalde besluit nie, wat verwys na '96 en nie na '89 nie, en die besluit van '96 het nie gepraat van *onmiddellik* nie, en deur die teenstand van Mansvelt en die Regering sou dit — afgesien van die oorlog — tog nie uitgevoer wees nie. Knothe is onder die indruk dat Mansvelt geywer het vir 'n Uniwersiteit alhier. Hy sê tog „Reeds op 12 Junie 1889, besloot de Tv. V. R. op voorstel van Dr. Mansvelt, een Universiteit in de Transvaal op te richten." [4]) Mansvelt was destyds nog in Stellenbosch en Stiemens was wnd. Supt. Die voorstel het uit 'n gans andere rigting gekom en Mansvelt het dit by sy koms onmiddellik op die lange baan geskuif.

Die studente wat dus (end '98) hulle republikeinse matriek gedoen het is vir verder studie — een het hier gebly — Europa-toe. Die vyf wat end '99 deur die uitbreek van die oorlog, hulle eindsertifikaat present gekry het, is na die oorlog vir studie na elders.

Die ideaal van 'n uniwersiteit in Pretoria was dus by die begin van die oorlog, vir sover as die Kuratorium en Mansvelt se opienie daaromtrent uitgespreek is, nog nie naby verwesenlik nie.

---

[1]) E. V. R. notule: art. 274 van 1899.

[2]) do. art. 274 a.

[3]) Die kommissie was benoem in art. 867/95 en het verslag uitgebring in art. 1060/96, waarna dadelik die aangehaalde besluit geneem is.

[4]) Zuid-Afrikaanse Akademie: Jaarboek IV, 1913, bls. 105.

DIE VOORGESTELDE DOOFSTOMME-INSTITUUT.

Art. 74 van wet No. 8 van 1892 bepaal: —

„Er zal een blinden en doofstommen instituut worden opgericht, onder het bestuur van het curatorium zoodra niet minder dan 10 applikanten voor een der beide afdelingen van dit instituut zich daarvoor aanmelden. Zoolang dit getal niet bereikt is, blyft de thans bestaande klasse voor doofstommen, onder leiding van een daartoe door de Regering aangestelde onderwyzer, een deel vormen van de Modelschool."

Daar was n.l. kort tevore deur die Regering 'n onderwyser aangestel. Net twee kinders het van hierdie geleentheid gebruik gemaak, en vir hulle is voorsiening gemaak in 'n klein buitekamertjie by die gebou wat toe as Modelskool gebruik was. Dit het egter in '94 duidelik uitgekom dat hierdie plaaslike onderneming nie baie populêr was nie, want nieteenstaande daar meer kinders was, wat daarvan gebruik kon maak, het die aantal leerlinge tog nie toegeneem nie, en dit was baie duur om 'n onderwyser net vir twee leerlinge aan te hou, en siende dat die instituut te Worcester K.K., 'n goeie naam gehad het, is toe besluit om die kinders soheentoe te stuur, die Regering die £36 per jaar, wat vir kos en onderwys gevra was, te betaal.

Die volgende jaar was die aantal, wat in Worcester die Regeringssteun ontvang het 12, n.l. 8 doofstomme en 4 blindes. Dis 'n duidelike bewys dus van die wantroue van die publiek in die doelmatigheid van die opleiding te Pretoria. Ons meen nie dat daar met die toename van die getal aldaar nog 'n poging gemaak is om art. 74 van die wet van '92 weer in werking te bring nie.

SKOOLLOSIESHUISE.

Nieteenstaande die aanbevelings in verband met bogenoemde hoof wat reeds deur die kommissie van '73 en in '80 deur Ds. Bosman, gemaak is, was die opienie in die Raad nog glad nie ten gunste van sulke inrigtings nie.

Op 12 Julie '93 was 'n versoek van die Supt. om vir die rektor van die Gimnasium en vir die hoofonderwyser van die Modelskool 'n huis te bou, deur die Uitv. Raad aan die Volksraad aanbeveel. [1])

---

[1]) E. V. R. notule: art. 650 van 1893.

Hierdie geboue sou dan meteen diens doen as skoollosieshuise. Eers was besluit om voorlopig die gevraagde geboue te huur [1]), terwyl die Regering ondertussen opdrag gekry het om reëls in verband hiermee op te trek. Hierdie was aan die Raad voorgelê op 7 Aug. '93, [2]) maar dit skyn of die Raad ondertussen tot ander denkbeelde gekom het, want hulle het besluit om die voorgestelde skemas nie aan te neem nie, en die Regering het instruksie gekry om die gehuurde huise weer op te gee. Onder die genoemde besware was, dat die voorgestelde losiesgeld, £ 12-10 per kwartaal, te hoog beskou was en vernaamlik dat hulle die nut van so'n inrigting ook glad nie kon insien nie.

Op een of ander manier moet die Raad tog sy dwaling in verband hiermee ingesien het, want die volgende jaar was sonder die minste moeite toestemming gegee vir die oprig van 'n staatstehuis vir jongens en hiervoor 'n huisvader aangestel was teen 'n salaris van £ 250 p. j. terwyl die losiesgeld gestel was op £ 36 per jaar. By die oprigting van die Staatsmeisiesskool was dadelik 'n losiesinrigting vir meisies begin. Die eerste inrigting het met 54 seuns geopen en die twede met 21 meisies. Dit het egter 'n dure affêre geword, want aan die end van '95 het die Staatstehuis 'n tekort van £ 666-17-6, of per leerling (die gemiddelde aantal was 59) £ 11-6 terwyl die tekort by die meisieslosieshuis bedra het £ 274-18-7 wat per hoof uitwerk op £ 8-17-4. Daarby was die gewone uitgawe aan onderwysers(-esse) salarisse in die twee skole £ 9-19-6 en £ 12-11-4 per hoof resp., [3]) sodat vir hierdie leerlinge wat sowat almal laer onderwys ontvang het, die uitgawe per jaar per hoof bedraag het £ 21-8-9 resp. Dieselfde jaar was die onkoste per hoof aan die Gimnasium, net vir onderwyserssalarisse £ 67-18-10, terwyl die gemiddelde per leerling op die gesubsidieerde skole die jaar £ 5-18-9 bedra het.

Die aantal kosleerlinge het gedurig toegeneem en alle beskikbare plek was gewoonlik vol. In '96 word meegedeel dat die monitorstelsel in die tehuise ingevoer is.

Gedurende die jaar was daar twee van die kosleerlinge oorlede en „slegs" 'n paar keer was daar siektes van epidemiese aard gewees. Die kuratorium het seker gemeen dat dit miskien nog wel erger kon

---

[1]) ibid. 653.
[2]) ibid. 1015, vv.
[3]) Ons neem aan dat al die seuns op die Modelskool was. Dis egter nie die geval nie want 'n paar was op die Gimnasium.

gewees het, want desnieteenstaande rapporteer hulle: — „Over de gezondheidstoestand viel niet te klagen".

Met die loop van die tyd het die doelmatigheid van die beheer nie toegeneem nie, want gedurende '97 was daar 'n gemiddelde totaal van 159 kosleerlinge en die tekort was £ 2959, of £ 18-12-2 per leerling. Grootliks waarskynlik die gevolg van die feit dat die personeel, wat toesig moes hou, gesalarieer was. Die gedrag was ook nie in alle opsigte bevredigend nie. „Sommige leerlingen in de tehuizen toonen door hun gedrag dat ze door de HEd. Regering verschafte voorrechten niet op prys stellen". Daarteenoor staan natuurlik die feit, dat die persone wat aangestel was om toesig te hou, waarskynlik nie die persoonlikheid besit het wat nodig is om kinders die voorregte, wat hulle erlang van die Regering te leer waardeer nie. Vir die Meisieslosieshuis was daar nou 'n tekort van £ 1678-13-5 op die 65 leerlinge, of £ 25-16-6 per leerling.

Hoewel die tehuise dus in 'n baie groot behoefte voorsien het was die beheer nog maar op baie los beginsels gevestig en sou hier baie verbetering aangebring kon word.

STUDIEBEURSE.

Die begin wat die N. Z. A. V. in '84, by die besoek van die deputasie, gemaak het om, deur toekenning van studiebeurse aan Transvalers, studie aan te moedig, het baie goeie vrugte gedra en die voortsetting van die idee, ook in die Transvaal, het tientalle vooruitgehelp.

Die kommissie vir die Hollandse studiebeurse, reeds gedurende die vorige periode ingestel, het 'n integrerende eenheid van die onderwysstelsel gebly, en jaarliks het die liggaam dan ook gerapporteer hoe dit met die beurshouers onder hulle beheer gaan.

Die aantal vir studie in Holland het nie toegeneem nie, en die Regering wou self geen geld stem vir studie buite die Republiek nie. In '92 was daar 12 studiebeurse aan die Opleidingskool. Dit sluit in die 6 wat gestig was deur die interes op kapitaal uit Holland. By die reorganisasie van hierdie inrigting was die aantal gebring op 18 en aan die Modelskool verbind, en 6 nuwes was aan die Gimnasium gegee. In '94 is daar ook 20 beurse gestig vir opleiding vir onderwyser, hierdie getal is in '95 weer met 20 vermeerder. Ook is daar in '94 aan die Gimnasium beurse gegee deur S. Marks, Lionel Philips, Eckstein en Co. en Ed. Lippert — dit was natuurlik voor die Council of Education, Witwatersrand, in aksie was. Die heer

Lippert het in '95 ook nog £ 400 gegee vir studie in Europa en hieruit is twee beurse gestig. In '97 is weer 10 onderwysers-beurse toegestaan sowel as 10 vir die Modelskool, wat ondertussen al telkens 'n paar bygekry het, sodat daar (begin Mei) bestaan het of beskikbaar was in die geheel 109 beurse, as volg verdeel: — 50 onderwysers- en 46 studiebeurse, ook 4 studiebeurse vir Nederland en 9 beurse aan die Gimnasium.

Dis alleen die wat deur die Regering bekostig was. In hierdie aantal is, met uitsondering van die aan die Gimnasium, geen merkbare verandering gekom nie tot 1900. Wel was daar natuurlik telkens beurse vakant deurdat persone wat dit gehou het klaar was, of die studie opgegee het en om meer dgl. redes. Dit was 'n goeie teken dat die aantal applikante vir oopvallende beurse telkens toegeneem het. Vir '98 was daar b.v. 59 applikante vir 12 studiebeurse en 73 vir 18 onderwysersbeurse. Met die sluiting van die skole in '99 het die uitbetaal van die beurstoelae opgehou. [1])

DIE EKSAMENSTELSEL.

Mansvelt het by sy indienstreding in '91 vereers wet 13 van 1886 „Tot het daarstellen van een Raad van Examinatoren" onveranderd gelaat, maar die onder die wet opgetrokke „Algemeene Bepalingen omtrent de Examens en de Toelatingen" [2]) van Okt. '87 is reeds dadelik verander by V. R. B. 350 tot 356 van 1892. Hierdie verandering is hoofsaaklik 'n suiwerder rangskikking van die vereistes, die taal word deurgaans hersien — Mansvelt was prof. in Hollands gewees —, die rangskikking, indeling en die standaard in die vakke wat meer op die hoogte van die tyd gebring, terwyl hier en daar nuwe dinge ingevoeg is. So word b.v. by die vereistes vir die derde klas eksamen ingevoeg: —

„1. kennis der natuur. — De algemene eigenschappen der lichamen, de voornaamste werktuigen, die berusten op de leer der krachten, den barometer en den thermometer."

By die twede klas eksamen is o.a. ingevoeg: — Natuurkunde, Natuurlike Historie, ens. Tewens was die vereistes vir die nuut ingevoerde opsionele vak, hande-arbeid volledig gegee.

In '93 is verder regulasies gemaak in verband met die eksamens.

---

1) Die jaarlikse verslae van die Beurskommissie is te vinde in die notule van die E. V. R.

2) Gepubliseer in die St. Crt. VII, 349, van 12-10-87.

Art. 8 van wet 13 van 1887, lui: — „De Raad zal de vereischten voor de verschillende examens zoover mogelyk gelykstellen aan de vereischten voor dergelyke examens in de naburige staten en kolonieën van Zuid-Afrika, en zal trachten wederzydse erkenning te verkrygen voor de graden hier en daar uitgereikt."

Dis blykbaar in opvolging van hierdie magtiging dat die Raad van Eksaminatore in 1893 [1]) 'n skema opgetrek het wat aangee in hoeverre die Kaapse eksamens vrystelling gee van Transvaalse en in watter vakke 'n aanvullingseksamen afgelê moes word. Hierdie aanvullingseksamens deur die Raad spesiaal vir (of teen) die Kapenaars bedoel, het die oorsprong geword van baie stryd en twis: —

Iemand met 'n „School Higher" moes 'n aanvullingseksamen aflê deur medium van Hoog-Hollands in: — Bybelse geskiedenis, Lees, Resitasie, Vormleer, Opvoedkunde, Praktiese onderwys, Natuurkunde en Sangkunde: om 'n Transvaalse derde klas te kry, want hierdie was nie geneem by die eersgenoemde eksamen nie.

Die Kaapse derde klas moes aangevul word met dieselfde vakke as bo en ook nog Aardrykskunde en die geskiedenis van die Republiek.

Die „Middle Class" sertifikaat moes aangevul word in Bybelse geskiedenis, Lees, Vormleer, Geskiedenis van Suidafrika en die wêreld en Natuurkundige Aardrykskunde.

Met die Kaapse „Intermediate" moes mens aanvul in: — Hollandse taal en Letterkunde, Algemene Geskiedenis, Natuurkunde, Natuurlike historie, onderwysleer, beginsels van die teorie van Musiek. By al die eksamens was spesiale aandag gewy aan die suiwer gebruik en uitspraak van die Hoog-Hollandse taal.

Dis hierdie eksamens wat die Transvaal toegesluit het vir die Kapenaar, terwyl die groot nadruk op die Hollandse taal dit natuurlik oopgegooi het vir die onderwyser uit Holland.

Teen die end van '94 is daar ook aanvullingseksamens vasgestel vir laasgenoemdes. Die regulasies is deur die Raad van Eksaminatore aan die Regering ter goedkeuring voorgelê in R 3529/94 en in '95 deur die E. V. R. bekragtig.

Hiervolgens moes die besitters van die Hollandse onderwysersakte ter verkryging van die Transvaalse twede klas sertifikaat weer geëksamineer word in: Bybelse geskiedenis, Vormleer, Geskiedenis en Aardrykskunde; en vir die Eerste klas sertifikaat in: Hollandse

---

[1]) R. 5328/93; Argief. Lokale wetten der Z. A. R. Dl. 1890—1893: blss. 966 vv.

Letterkunde, Engelse taal, Latyn of Frans of Duits, Vlakke meetkunde en Kennis van die staatsinstellings van Suidafrika en van die Republiek.

Pas in '95 is wet 13 van '86 herroep en vervang deur wet 6 van 1895. [1]) Hier word weer hoofsaaklik die grammatika van die voorgaande wet verander. Die ledetal van die Raad van Eksaminatore word met een vermeerder, n.l. die voorsitter van die geneeskundige kommissie. Die eksamens word voortaan een i.p.v. twee keer per jaar afgeneem, ook word bepaal dat die sertifikate deur die voorsitter en sekretaris van die Raad geteken moet wees. As nuwe artiekel verskyn die beperking dat 'n kandidaat minstens 15 jaar oud moet wees.

Die nuwe wet is nie radikaal verskillend van die vorige nie.

Die regulasie van '93 vir die eksamens word nou opnuut hersien, maar byna nie gewysig nie, maar verder aangevul vir regsgeleerdes, Landmeters, Aptekers en Drogiste.

Dis die laaste opvallende veranderinge in die eksamens en die stelsel.

THE COUNCIL OF EDUCATION WITWATERSRAND.

Op 2 April, 1895, het Mnr. H. S. Caldecott, F.R.G.S., in Johannesburg 'n verteenwoordigende vergadering toegespreek oor die onderwerp: „Our Boys and Girls". In die toespraak het hy die aandag gevestig op die onbevredigende toestand van die onderwys op die goudvelde en hy het die oorsaak tuisgebring by die nalatigheid van die Goewerment. Onderwystoestande hier het hy vergelyk met die in die Kaap, O. V. S. en Natal en selfs ook in Basoetoeland, en sy vergelyking het ten gunste van laasgenoemde lande uitgeval. Verder het hy gewys op die manier waarop in Amerika, Duitsland en Engeland deur die Staat vir Onderwys voorsiening gemaak word en hy het gewys op die baie kinders op die Rand wat buite die skole is. Volgens sy skatting was daar „in and about Johannesburg" 'n 15,000 kinders tussen 5 en 16 jaar, van wie volgens hom net 2,000 onderwys ontvang het. Hy het Johannesburg aangemoedig om te sê: —

„Ons sal ons eie vrye skole ondersteun, en ons sal in die lewe

---

[1]) Lokale wetten: 1895; blss. 19—21.

roep en in standhou ondersteunde of vrye elementêre onderwys (soos omstandighede dit vereis) waarby die Engelse taal die vernaamste medium van Onderwys sal wees".

Hy doen dit nie uit disrespek vir die Hollandse taal nie, maar omdat Engels die enige taal is wat die kleintjies verstaan.

Die Regering gee hier ook wel groot toelae vir onderwys maar in 'n gees so „mean and niggardly" dat dit buite die bereik is van die groot massa van die belastingbetalers. En uiteindelik kom hy tot die gevolgtrekking: — „Ons kan alleen 'n volledige skoolstelsel skep deur middel van vrywillige bydrae. Die vraag is hoe gaan ons 'n kwart miljoen bymekaar maak? Ek reken die volk moet 'n Raad van Onderwys kies, wat 'n Charter moet optrek, kuratore aanstel en fondse versamel en daarmee skole oprig en ondersteun volgens die breë en liberale beginsels wat ek neergelê het".

Hierdie suggestie het in geen slegte aarde geval nie, want aan die end van die vergadering was reeds £ 10,000 toegesê. Ook is besluit om 'n Raad van Onderwys te stig en 19 lede van die liggaam is aangestel, [1]) o.a. moes hulle die fonds beheer.

Volgens die notule lyk dit dat die eerste vergadering van die Council gehou is op 15 Junie '95; toe is daar sub-komitees vir verskillende sake aangestel, o.a. ook om donateurs te kry. Tog moet daar ondertussen reeds aktiewe werk gedoen wees, want daar word op die vergadering al heel wat briewe voorgelê omtrent skoolgronde, planne vir skole, ens. Na die bespreking van die doel van die beweging was besluit om vereers geen steun by die Goewerment, te vra nie, in alle geval nie voor daar 'n vaste lyn van aksie neergelê was nie. Deur vrinde was ook reeds 'n volledige onderwysskema aan die Council voorgelê, wat beoog het die oprig van laer-, intermediêre en hoërskole [2]) (middle class and Higher grade), maar op 30 Junie het die Council die idee uitgespreek dat hulle hul voorlopig wil beperk tot intermediêre en uitgebreide (middle class and upper middle class) onderwys. Hierdie was ongetwyfeld in stryd met die doel waarmee die beweging begin was, en daarom was op die 14de Julie weer besluit dat dit nodig was om laerskole op te rig, sowel as 'n hoër jongens- en meissiesskool en meteen was ook besluit om 'n Direkteur-Generaal van Onderwys aan te stel, wat tewens Sekretaris en Penningmeester van die Council sou wees; verder om 'n Syndic aan te stel wat die sake van die Council sou

---

[1]) Notuleboek van die Council of Education, Witwatersrand, bls. 1.

[2]) Dit blyk uit 'n uitknipsel uit 'n krant wat in die notuleboek ingeplak is.

behartig. In Aug. kom hulle — dis die Syndic wat toe gereeld vergader — weer terug op die klas van onderwys, waarop hulle moet konsentreer en toe is met meer finaliteit besluit, dat, alhoewel op 14 Julie as doel o.a. gestel was die oprig van jongens- en meisies-hoërskole, die meer onmiddellike aandag van die Council gevestig sal wees op die onderwys van die kinders in en op die myne, wat onder minder gunstige omstandighede is dan ander.

Vir die Direkteurskap is die applikasie van Mnr. John Robinson aangeneem en op 2 Sept. het laasgenoemde sy werksaamhede aanvaar. Hy het onmiddellik sy arbeidsveld begin verken en in 'n paar dae het hy byna iedere myn van Randfontein af tot Boksburg besoek en daarna Johannesburg self en die armer voorstede.

Voor hy egter daar finaal oor gerapporteer en suggesties gegee het, was die Syndic se opdrag dat hy eers na Kaapstad moes gaan om met Dr. Muir te konsulteer, en op sy reis het hy toe ook in Bloemfontein vertoef en 'n onderhoud met Mnr. Brebner, Supt. van Onderwys in die O. V. S., gehad oor die saak. Na sy terugkeer op 11 Okt. het hy sy rapport uitgebring. Volgens sy ondersoek was daar omtrent 6,500 kinders van skoolgaande leeftyd, dus het Mnr. Caldecott die getal wel 'n bietjie oorskat, waar hy gestel het dat daar 15,000 was. Die voorsiening van die onderwys vir hierdie groep was, betreklik, nog baie beter as wat ons dit onder die landsomstandighede sou verwag het, want van die 6,500 het daar, volgens sy ondersoek, 4,500 onderwys ontvang, dus nog 'n baie gunstiger verhouding as in die laaste dae van die Republiek, toe die inspekteurs nog gereeld gerapporteer het, dat daar vir iedere kind binne die skool minstens 4 of 5 daar buite was. Die voorsiening wat die uitlander-bevolking self gemaak het, was onder omstandighede ook nog nie so sleg nie.

'n Gewone soort skool wat daar aangetref was, was 'n versameling van 20 tot 40 kinders van verskillende aanleg en ontwikkeling, wat saamgeprop was in 'n kamer van 'n gewone woonhuis, en onder toesig van 'n dame „wie se kwalifikasies haar skaars in staat sou gestel het om die St. V. toets deur te kom." Dit word deur Mnr. Robinson aangehaal as voorbeeld van die slegste van die uitlanderskole. As ons daarmee vergelyk dat Dr. Mansvelt in '98 en later nog lastig geval is met memories, wat versoek om mense wat net tot St. II kan onderwys te erken, en daaraan dink dat hy as mienimum kennis vir erkenning in '98 St IV gestel het, en selfs toe nog moes erken dat hy deur invloedryke persone byna gedwing was ook „personen te erkennen die het niet verder gebracht hadden dan tot St. II of III"

dan sien ons dat die toestande onder die uitlanders seker nie slegter was nie; wel natuurlik in vergelyking met die standaard wat die uitlanders gewoon was.

In Johannesburg self en op 'n paar myne in die direkte nabyheid was 55 skole van uitlanders. Hiervan was 13 in geboue vir die doel opgetrek, 18 in kerke en 28 in kamers van woonhuise. Daar was 187 onderwysers (esse) en hiervan was 46 gesertifiseer; 'n verhouding, wat ook nie te sleg by die Goewermentskole afgesteek het nie. Baie van hierdie skole, veral onder die armer klas mense, het maar 'n harde bestaan gehad. [1])

In hierdie het nie alleen Engelse, maar ook Afrikaner-kinders saam skoolgegaan met kaffers, basters en Sjinese, en dit waar die wet van '96 reeds bestaan het en waar subsiedie so ruimskoots was.

Die Direkteur het, teneinde aan die dringendste behoefte tegemoet te kom, aanbeveel: —

a. Dat voorsiening gemaak sal word vir skoolakkomodasie en doeltreffende onderwys op die myne.

b. Die verstrek van subsiedie aan en die kontroleer van verdienstelike skole in belang van die werkende klasse.

c. Die oprig en instandhou van arm skole vir kinders wie se ouers geen skoolgeld kan betaal nie, afgesien van watter nasionaliteit hulle ook is.

Om hierdie voorstelle uit te voer sou 'n groot kapitaal nodig wees, en hierom is besluit om die Kamer van Mynwese te nader en hulle te versoek om 'n present van £ 30,000 en 'n verdere jaarlikse toelae van £ 3,000 te gee. [2]) Die Kamer het die ontvangs van die aansoek erken en meegedeel dat hulle teenoor die versoek baie simpatiek staan en dat dit op die e.v. algemene vergadering behandel sou word.

Tot nou toe was daar nog geen Konstitusie vir die Council opgetrek nie. Ons kan ook nog geen gevalle aanstip, waar daar reeds finansiële steun aan skole gegee is nie — d.i. uitbetaal is — behalwe vir die aankoop van verskillende geskikte stukke grond. Die konstitusie is op 24 Des. '95 goedgekeur en hierin, art. 5, was noukeurig omskryf vir watter doeleindes hulle uitgawes mog doen.

Hulle kon skole van enige soort oprig en instandhou of steun, skole oorneem, 'n mynskool of skole vir tegniese onderwys ondersteun, beurse toeken, aandskole aan die gang hou, ens.

---

[1]) Star Weekly: 5 Oct. 1898; „St. Cyprians Day School."

[2]) Aangeh. Notuleboek: onder datum 18-10-95.

Alles was toe in gereedheid om daadwerklik te begin; toelae van die myne was om so te sê seker, maar net op die moment het die mislukte reis van Dr. Jameson hulle saak vereers gebreek, want die politieke onsekerheid sowel as die finansiële skommelinge, wat die gevolg van die inval en sy nadraaie was, het die Kamer van Mynwese verhinder om sy aanbevelings aan die myne voor te lê, en die Council moes vereers maar op eie middele steun. [1]) Na 'n rus van twee maande het die Syndic sy sittings weer hervat; sy konstitusie in Pretoria laat registreer, en dadelik al begin met die uitkeer van toelae aan verskillende skole. So was 21 Febr. al besluit om £ 2 en £ 3 per maand toe te staan aan die Fordsburgse en Braamfonteinse skole respektieflik en verder was £ 50 gestem om apparaat en meubels te verskaf aan genoemde inrigtings. Hulle het goeie skole, wat nie direk onder hulle kontrole gestaan het nie, gesteun met toelae van £ 25 tot £ 100 per jaar. Waar hulle 'n hele skool oorgeneem het, is die salarisse regstreeks deur hulle betaal, soms was die skoolgebou deur hulle aangekoop, ook wel opgebou as dit vir 'n nuwe plek was. Waar die onderwysers nie plaaslik te kry was nie is gewoonlik 'n beroep gemaak op die Kolonie en begin '97 het die Direkteur Kimberley, Cradock en Kaapstad besoek om samesprekinge te hê met onderwysers wat uit daardie plekke applikasie gemaak het vir die skole onder die Council. Dis duidelik dat hulle seker wou maak dat hulle die verlangde materiaal sou kry.

Hulle was toe al eienaars van drie skole en het tewens drie ander onder hulle beheer gehad. 'n Begin was ook gemaak met klasse in Natuur- en Skeikunde en Assaying; dit was natuurlik om te voldoen aan die behoeftes van die wat in die myne gewerk het of daarvoor wou kwalifiseer. Hiervoor het hulle met die hulp van Prof. Ramsay 'n geskikte persoon in Engeland aangewerf teen 'n salaris van £ 400 per jaar. 'n Bietjie later, in Junie, is ook besluit om Matrikulasieklasse te begin en drie onderwysers is aangewys vir die werk.

Aan die Jeppesskool o.a. het hulle spesiaal 'n onderwyser vir Hollands aangestel. [2]) Ook het hulle begin om beurse toe te ken om vir Skool-Hoër en Matriek te studeer en selfs was voorsiening gemaak vir die verskaf van onderwys aan kwekeling-onderwysers,

---

[1]) Sketch of the History of Educational Work in the late South African Republic, by Mr. John Robinson....: Dis gepubliseer as Appendix I van The Transvaal and O. R. C. Education Report; 1900—1904.

[2]) Aangeh. notuleboek: onder 2-7-97.

terwyl laasgenoemdes 'n klein toelae, b.v. £ 2 per maand, ontvang het, soms ook £ 3; ons het albei gevalle aangetref.

Vroeg in '97 het die Council nog 'n groter onderneming aangepak. 'n Bestaande skoolgebou was aangekoop, vergroot en modern ingerig; bekwame onderwysers was aangestel en 'n Hoër Jongensskool begin. Bij die opening was daar 30 leerlinge, en binne 'n jaar was daar oor die 100, terwyl die inrigting homself betaal het.

Die fondse, hoofsaaklik die £ 10,000 op die vergadering van '95 gekollekteer, daarna nog vermeerder met 'n lening — later in 'n donasie verander — van £ 2,600, van Eckstein & Co, het aan die begin van '98 begin uitgeput raak en omstandighede het 'n beroep op die myne nie moontlik gemaak nie; daarom het hulle besluit om die Supt. van Onderwys te nader, teneinde toelaes te kry uit die geld, wat gestem was onder die wet van '96. Omdat laasgenoemde nie op hierdie aansoek geantwoord het nie, het hulle 'n ander plan gemaak en die Mynkommissaris en Burgemeester is gevra om die brief wat die nuwe voorstelle bevat na die outoriteite oor te bring.

Daardie memorandum [1]) bevat o.a.: — Binne 'n straal van 3 myl is 17 a 1800 kinders sonder onderwys. Sowat 1000 is in private skooltjies, wat in pontokkies of woonhuise gehou word deur ongesertifiseerde onderwysers. In 8 groot laerskole is 1600 kinders, maar die staf is onvoldoende. £ 45,000 is op die begroting geplaas vir die goudvelde. Die wet sal die beste werk as 'n sentrale skoolkomitee aangestel word met die doel om: plaaslike inisiatief aan te moedig met toelaes, skole op te rig waar dit nodig is, bestaande skole te ondersteun, onderwysers te betaal en aan te stel, plaaslike besture op te rig, en „The determining as to the medium of instruction in schools controlled or aided through the Board, with the priviso that there must be thorough teaching of the language of the country in all the schools in which it is not the medium of instruction."

Die Council is net die liggaam, wat die Regering kan gebruik en hy sal graag met die Regering saamwerk. As die Council nie verteenwoordigend genoeg is nie, sal sy lede graag genomineerdes van die Regering daarby neem. Die Council het onder sy beheer 6 skole met 813 kinders, het sy skole vir twee jaar onderhou teen 'n koste van £ 2,063-3, ens. Hierdie ekonomiese aanleg sou goed te pas kom by ewentuele samewerking met die Goewerment. Die Council het die simpatie van die bevolking, wat die Pretoriase

[1]) Oorgeneem in Aanhangsel.

administrasie nie besit nie, en dit kan ook veel doen om plaaslike liggame aan te moedig om by te dra tot die koste van die onderwys. Ingeval die Goewerment die Council nie wil gebruik nie, dan sou hulle tog graag 'n toelae van £ 10 tot 15,000 per jaar ontvang om te bestee in samewerking met lede wat die Regering mag benoem.

Op hierdie voetval het die Regering ook nie geantwoord nie. Waarskynlik het hulle gemeen dat die onvoorwaardelike oorgawe naby was. Sake het dan ook maar baie moeilik gegaan vir die Council. Op 29 Maart '98 het die Syndic besluit om die ondersteunde skole kennis te gee dat die toelae voorlopig sou ophou. Op 20 April was die wetenskaplike klasse gesluit en op 10 Mei kry die Sekretaris opdrag om almal wat in die Council se diens is formeel kennis te gee van hulle ontslag. Mansvelt het dus feitlik al die oorwinning behaal, maar.... het kan verkeren. Op 31 Mei gee Mnr. Eckstein die Council £ 500 en sê dat hulle nie die saak moet opgee nie. Die kennisgewing van ontslag was dientengevolge weer ingetrek. Ondertussen het hulle die skool te Jeppestown aan die inwoners aldaar verkoop vir £ 2,500. Sodoende kon die werk dus weer 'n rukkie aangaan.

Hulle het dit toe met Dr. Muir gereël gekry dat die Kaapse onderwyserseksamen ook te Johannesburg gehou sou word sodat hulle kwekelinge daarvoor kon skryf en in Des. e.v. is die eerste eksamen afgeneem.

Sake het tog maar donker gebly, want end Jan. '99 kom daar weer 'n voorstel om die Council te ontbind, tegelykertyd was van J. P. Fitzpatrick gehoor van 'n „projected education scheme" en op 8 Maart het daar uiteindelik 'n wending gekom, want Fitzpatrick deel mee dat hy gebruik gemaak het van die beter tye, dat hy sy eise vir Engelse onderwys herhaal het en dat hy reeds in Engeland die som van £ 60,000 vir die doel gekry het; hy het gemeen dat dit nog wel £ 100,000 sou word. Die geld was afkomstig van Messrs. Wernher Beit & Co, gesteun deur ander finansiële huise. Op die vraag of dit onvoorwaardelik gegee was, was sy antwoord dat die kondiesies lig was. Hollands o.a. sou onderwys moet word waar gevra en die donateurs sou waarskynlik verteenwoordiging eis.

Die som wat werklik sowat £ 100,000 geword het, was toe vir Kapitaaluitgawe gestem en die myne was tewens gevra om nog 'n ekstra £ 17,000 per jaar by te dra, want die groot onderwysskema was toe agtermekaar en hulle wou o.a. 20 groot skole bou. Die myne het werklik goed bygedra en in Sept. '99 was daar al £ 13,000 per jaar beloof.

Teneinde die donateurs van die £ 100,000 en die myne verteenwoordiging te gee is die aantal lede van die Syndic op 15 gebring; 5 word benoem deur die donateurs, 5 deur die myne en 5 deur die bestaande Council. [1]) Ook hierdie beweging is deur die oorlog gestop.

Die Council of Education, Witwatersrand bestaan nog, en hoewel hy nie meer direk skole onder hom het nie, is hy nog 'n baie invloedryke faktor in verband met middelbare, voortgesette en Hoër onderwys op die Witwatersrand, en het op die hiergenoemde gebied gedurende die laaste paar jaar baie vername werk gedoen.

---

[1]) Die nuwe reëling het ons in die aanhangsel oorgeneem.